


TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

IN HIERDIE UITGAWE

- GEDIGTE: Johannes Meintjes, S. C. Hattiugh, Chris Baruard, M. R. Breyue, W. Spillebeen, André Roux, Andries Alberts, Ria Krüger, Abr. Fouché, H. v. E., B. le Roux, V. v.d. Westhuizen, J. C. P. Meij, A. J. B. Rawlius.
- VERHALE: Dirk Richard, P. D. Swart, Ward Ruyslinck, Jac. J. Brits.
- LETTERKUNDIG: Cor Ria Leeman, B. le Roux, André Briuk, P. D. van der Walt.
- ARTIKELS: Abr. Fouché, A. J. J. Visser.
- BY DIE JONGERES.
- BOEKBESPREKING.
- NUWE BOEKE.



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad vir die Afrikaanse Skrywerskring

Redakteur: ABEL COETZEE

Letterkundige Adviseurs:

D. F. Malherbe
H. A. Fagan
P. C. Schoonees
W. A. de Klerk
M. S. B. Kritzinger
B. Kok
P. J. Nienaber
B. Conradie
J. Kromhout
André Demedts

Junie 1961

Jaargang 11

Nommer 2

Intekengeld: R 2.0 per jaargang, posvry.

Let wel: a. **Ale kopie** vir die Tydskrif word gerig aan die Redakteur, Escombelaan 51, Parktown, Johannesburg.

b. **Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekening, advertensies** word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

Administrasie: Mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

I N H O U D

	<i>Bladsy</i>
DIE NUWE	
SES GEDIGTE, Johannes Meintjes	1
'N GANNABOS IN BUXTON, Dirk Richard	3
DIE MEESTE e.a. GEDIGTE, S. C. Hattingh	16
VERWARDE KRINGLOOP e.a. GEDIGTE, Chris Barnard	19
DIE SEUN, P. D. Swart	24
DRIE GEDICHTEN, Marcel R. Breyne	31
TIEN GEDICHTEN, Willy Spillebeen	33
DE OEROUDE VIJVER, Ward Ruyslinck	38
HONDERD VLAAMSE BOEKEN IN DUITSLAND, Cor Ria Leeman	47
VIER GEDIGTE, André Roux	49
AFRIKAANSE HELDEPORTRETTE, Andries Alberts	51
MISVORMING VAN DIE MENS IN DIE MODERNE KUNS, A. Fouché	55
TIEN GEDIGTE, Ria Krüger	63
ERFENIS e.a. GEDIGTE, Abraham Fouché	68
DIE DIMENSIE-TEORIE IN W. A. DE KLERK SE DRAMAS, B. le Roux	70
BERGHAAN, H.v.E.	79
DIE BRANDWAG, e.a. GEDIGTE, B. le Roux	80
DIE SIRKEL, Jac. J. Brits	82
REEN IN PRETORIA, V. van der Westhulzen	98
DOOPVONT, J. C. P. Meij	99
OPVOEDING EN VRYHEID, A. J. J. Visser	100
SOEKER e.a. GEDIGTE, A. J. B. Rawlins	103
GERMANICUS EN SHAKESPEARE, André Brink	106
BY DIE JONGERES	119
DE LEEUW VAN VLAANDEREN, P. D. van der Walt	125
BRIEFWISSELING: Barend J. Toerien	128
BOEKBESPREKING	128
BOEKE ONTVANG	129

Die Nuwe . . .

Die mens is ondeelbaar in die lewe.

Dit is so dat hy gevorm is uit die stof van hierdie aarde en dat sy stoflike weer verval tot stof, omdat dit sy aard is.

Sy stof word tot vorm geroep deur die Gees wat elders vandaan is en wat net maar in die gevormde stof bly woon vir die tydsduur waarin die stof, beperk deur sy aardseheid, in staat is om die vorm te dra, eng verbind met en beheers deur die Gees.

Die stof is van die aarde aards, gebind aan die aarde.

Die Gees — wie sal weet waarvandaan hy is? Op soek na sy oorsprong onderneem dit wyds vreemde vlugte na oorde waar die stof nooit kan kom nie, net om telkens weer terug te keer na die werklikheid, voorwaarde van verbondenheid om sinvol te kan bestaan in die tydsduur wat ons ken as lewe.

Wanneer die stof in sy aardse verband onderwerp word aan die dwang van ander stoflike vorms, aards en tydelik soos hy self, word hy ingeperk en word hy gedwing om hom te wy aan die vrymaking van die eie stof van die voogdyskap van ander stof wat hom in verwaandheid verhef het tot heerskappy oor mede-stoflike-vorms. Die vrye vlugte deur die Heelal tot daar waar die ewige waardes woon van vryheid en agting vir almal, die ewige waarde van die erkenning dat stof aards is en uit sy aard stoflik soos alle ander stof en tydelik gedwing tot 'n vorm deur 'n inwonende Gees — word hom ontnem soos 'n arend waarvan die penveer beskadig word sodat sy vleuelslag magteloos is om hom te laat opstyg van die aarde af. Deur die dwang op sy aardse stof word die Gees ook gebonde aan die aarde, en hy word van die aarde, tydelik en verganklik in wat hy wil en kan.

Bevry van die dwang tot tydelike stoflike vorms, en uiteindelik bevry van sy eie stof, styg die Gees op uit die verganklike rumoer van stof teen stof, en gaan die oord binne waar die ewige waardes woon, en om uiteindelik te weet waarvandaan hy is . . .

JOHANNES MEINTJES :

Ses Gedigte

I

*Sonnige dae
waarin die hort
in 'n vlug
van duiwe
swewend is —
belewenis
van son en blaar,
fontein en blom,
saamgevoer
in 'n silwer vlug
van vlerke
wat rondom my
blinkend is.*

II

*Dit is winter en blare
dryf voor my in die vore,
die stad in mis gehul,
reën op my oë,
wenend uit lug
en hart en siel
in my oop hande.*

III

*Ek verlang na jou in die stilte
van blare en reën en mis
met verlange wat in elke druppel
van liefde skitterend is.
Maar jy's weg,
onbereikbaar
en verlore vir my.*

IV

*My mond is
verskeur
en my oë
gemartel tot
duisternis.*

*In pyn
verstrik
soek ek na
wie en
wat ek is.*

V

*Natuurlik moes ons weer ontmoet
en skamerig mik en groet,
wonderend wie die eerste gebaar gaan maak,
die hande gespanne en die oë naak
met 'n dowwe film asof gewas in melk,
lig gevang in die bol van 'n kelk,
en dan die wegdraai met skouers verstyf,
bewus van houding, beweging en lyf,
terwyl ons wild gesels oor nietige dinge
in blink gladde woorde met vreemdelinge.*

VI

*Die liefde wat was,
is so verlore nou
soos die magiese
vèraf flonkering,
melkwitskittering,
wat gloeiend skuim
van ster tot ster
in die hemelruim.
En in die leë uur
van nag en ster
en vensterlose muur
weet ek die begin
van ons nuwe liefde
is ook die einde
van alles wat
eens so kosbaar was —
weggee deur die
wispelturigheid
van die hart.*

DIRK RICHARD :

'n Gannabos in Buxton

Ons moes nooit vir Arries van sy kliphuisie teen die Spekboomhang weggeneem het nie. Ek onthou nog die bloedige Karoomiddag toe ons onder daardie gaargebakte randjie stilgehou het . . . Geen lewe, geen roering in die kaalgeplukte K'roobos en kruisbessies nie, net die stuk klipkaal woesteny van die Naroega.

„Hoe julle Karoo-mense hier kan leef!” sê Pa, 'n Hoëvelder. Ma, 'n Willowmore-nooi, sê gou: „Wag net tot dit reën.”

„Wanneer dit reën ja . . .” Hy soek oor die randjie, die oë vies, nougetrek teen die venyn van die hittetrillings.

„Waar bly die skepsel?”

Eindelik het ons twee vaal kliphuisies tussen die knoetsbossies en die opgeefsels bo die klippe uitgeken. Byna onherkenbaar in die kaal sonvuur, het die Karoo hulle soos twee korhaaneiers in die vaal veld weggesteek.

Toe Pa weer hard op sy toeter druk, kom daar lewe voor die hompies klip klei. Arries is eerste by die motor, gevolg deur 'n bruinmeisie en 'n hele sleepsels familie.

„Ek is Arries Verooi, seur,” lag hy oopmond. „Seur se nuwe klong.”

Ons het hom aangegaan. Sy pak klere, hoewel netjies en net effens te groot, was van 'n swaar kakiegeel stof. Arries, kort en sterk gebou, het van die sweet gedrup. Maar die liggeel gesig het geen tekens van bedruktheid getoon nie. Dit was een groot lag en dit het selfs gelyk of die oogappels donkerbruin glimlagte was. 'n Knoets hare het parmantig bokant sy voorkop uitgestaan. So iets mens? in bruin of swart het ons nog nie gesien nie. En sy hele houding vra: „Lyk ek darem vir die seur-hulle olraait?”

Ma praat eerste. Dis sy wat teen Pa se sin aangedring het om Arries Transvaal toe te neem, want sy sukkel dan kwansuis so met die Bantoes.

„Dag, Arries! Maar kry jy dan nie warm nie?”

„Ai Mies, hoe dan nou! Maar mens moet ordentlik lyk met die kennismake. O gorra, wat sal Mies-hulle sê as ek hier soos 'n verflinterde stokstert aangewai kom?”

Sussie se oë het dadelik van vermaak geblink. Arries het sy erre bloots gery, en kort-kort knyp hy sy oë bot toe.

„Is jy reg om te ry?” vra Pa.

„Alte reg, my seur.” Toe kom Arries se pa na vore.

„Ek is Afrika Verooi, my baas. Arries is my klong. Baas Burger, jy moet string met Arries wees. As hy sy bek teen ’n Diesman oopmaak, neuk hom. Ek gee baas die reg as sy enigste Pa-goed.”

„Kê-kê-kê,” lag Arries, en ou Afrika lag saam, en agter slaan die koor luidrugtig op.

„En seur,” gaan die ouman voort, „hou tog ’n jongby ver van hom af. Arries vrek oor karriemoer.”

„O gorra, hoor daar!” skater Arries. „Hoor hoe trek die hinningbier.”

„Arries, jou Ganna-klong!” skree die bruinmeisie aan sy sy. Arries staan nader aan haar.

„Goobaai, Miriam,” en Miriam kyk sommer grond toe, die Karoo-meisiekind wat seker met Arries sou getrou het was dit nie vir die jaar in die Transvaal nie. In daardie kontrei bly ’n gesonde jongvrou nie lank sonder vryer nie.

Ewe sedig skud hulle pap hand, byna komies in die bedeesde plegstatigheid hier voor ons witmense. Toe gryp Arries sy kitaar en sy blikkoffer en sy oë is toe wanneer hy uitroep:

„Maar wat sukkel ons? Ooplê na die Vaalpensland toe.”

Pa het sy nek die vinnige rukkies gegee wanneer iets hom nie aanstaan nie.

„Die K’roo-klong moet kop hou . . .”

„Ag, toe nou!” Maar toe ons om die laaste draai gaan, kyk hy om, en in sy oë, agter die grootdoenerigheid, lê die ver kyk van ’n klein hart. Arries se oë het só in die Transvaal begin lyk toe die moeilikheid begin het.

Oom Bêrend Greyling was baie spyt dat ons Arries van hom wegeneem het.

„Arries was die beste klerk wat ek nog in my winkel gehad het,” het hy ons verwytd. „Ordintlik en so op sy plek soos ’n koster.”

„En toe Arries,” begin Ma, „jou kop staan nou Transvaal toe?”

„Ag, Mies, hoe sal ek nou sê? Mens moet ietkom. Naroega is goed. Naroega is lekker. Maar dis soos ’n mens wat te veel witgat koffie drink. Jou pens blaas op.”

Sussie het sommer uitgebars van die lag. Sy het haar verlustig in Arries se gebreide „Naroega”, en toe sy sê: „Vertel ons nog van die Narrhoega, Arries,” het hy nie op hom laat wag nie. Een woord van ons het tien in hom losgeslaan en sy verbeelding aangesteek totdat die woorde en die plesierigheid by hom uitgeborrel het. Riana en ek kon nie ’n beter reismaat gehad het nie, en ek kon sien dat Ma terug was in die Karoo van haar jongdae, tussen die klanke, die gannebos, die kambro en die kerkei, daar na Toorwater se kant toe. En die opgewekte Arries was soos ’n vygiebos wat rooiblom uitgeslaan het na die reën. Maar Pa het hom met gemete blik in die spieëltjie dopgehou en seker toe al gewonder wat hy aan die praatbek het.

Riana, hierdie lewenslustige suster van my, het hom aan die praat gehou. Hierdie geelklong van die Spekboomhang was vir haar ’n verkwikkende teenstelling met die deftige Buxton-woning aan die kant van Johannesburg.

„My pa? vra die klei’nooi? Ag, hy’s ’n ou stokstert, ’n ska’wagter as klei-mies nie weet nie. Alimmer iet en tys, iet en tys. Maar stories vertel! Alla gorra! Geester nog, in ou Afrika Ferreira se hys, vertel hy ons van die groot bojaan en die klein bojaantjie. Ken klei’bies die storie?”

Hy weet Sussie ken hom nie, en hy vertel voort: „Die groot bojaan was die wagter van die trop en die klein bojaantjie sy erfgenaam. Nou moet die kleintjie leer om iet te kyk vir gevaar. En benoud! Moenie praat nie. Want gou-gou knyp sy Pa-goed sy boude blou. Miteens sê die kleintjie” (en hier maak Arries ’n bang kinderstem na): „Pa, kyk darr.”

„Die grote sê (in ’n knorrige diepstem: ‚Whaarr?’

„Die kleintjie: ‚Dhaarr.’

„Die Grote: ‚Het hy ’n rhoerr?’

„Die kleintjie: ‚Ja, Pa-a-a.’

Die grote: „O, G...”

Sussie en ek het agteroor in die kussings gesak, maar Pa het weer sy nek geruk en Arries afgeransel met die waarskuwing: „Kyk hier, Arries, ek laat nie sulke woorde in my huis toe nie. Skei uit, skepsel!”

Arries het teruggesteier voor die groot man se gramskap en ’n petieterige „Ikskuus, my seur” laat uitglip.

Dis ek wat Arries ’n paar myl verder weer aan die gang gesit het. ’n Stil Arries was iets ongemakliks, soos ’n kanarie wat teen dagbreek gemuilband moet sing.

„En dié?” vra ek, onderwyl ek na die kitaar wys, met 'n mondfluitjie bo teen sy steel vasgemaak.

„My musiekdingetjie, klei'baas.”

„En kan hy musiek maak?”

„En wat praat klei'baas nou? Is ek dan nie die beste kitaarslater van Willowmore se wêreld nie?”

En daar gaan hy! Hy het die stuk gevlekte kasplank en die vetterige mondfluitjie laat leef asof hulle op hom gewag het. Dis of die note onder Arries se vingerpunte uitspring en bo ons uitklim of die mondfluitjie, byna toe onder sy lippe, binne in hom tril en gee, van diep uit sy Hotnot-hart uit.

Dan gooi hy sy kop agteroor, sy oë styf toe, sy gesig in plesier vergeet:

„As die wind so waai
Soos hy nou hier waai,
Dan waai my jas
In die taaibos vas.”

Sussie, wat baie op Ma trek, het hande geklap. Maar ek was verlig ook dat die liedjies sonder netels geëindig het. Die streng oë in die spieël was op die loer daarvoor.

So het ons dan op „Graniet” aangekom. Ma het my die oorsprong van ons huis se vreemde naam verduidelik. Pa is lief vir die biografieë van die kragtige manne van die geskiedenis, van Napoleon, van Napoleon, van Rhodes, Hertzog . . .” Hulle was soos graniet,” het hy gesê.

Buitemense het dit vertolk as simbolies van die Afrikaner se stryd en strewe, waarmee Pa hom met groot onderskeiding vereenselwig het.

In die Buxton-buurt woon die vermoënde Johannesburgers wat hulle nie deur die half- en driekwart akkers van die stad wil laat vasknel nie. Oor Pa se morg troon 'n sieraad van 'n tien-duisend-ponder; die van die een buurman, die makelaar Murphy, is nog groter, terwyl die ander buur, die sjirurg Cloete, miskien dié van die ander twee na die loef kan steek. Ian Murphy se liefhebberij was bytelt.

Pa is 'n groot, selfversekerde man. Vandat hy na matriek padgegee het van die Ermelo-ouerplaas wat te klein vir ses seuns geword het, het hy aan harde werk en aan sy eie wilskrag geglo. As baar veldseun het hy die Goudstad se „Motor Town” ingesluit, verower en 'n florerende motorsaak opgebou. Vir hom was stilstaan agteruitgaan, en aan

klaers en praters het hy geen sinnigheid gehad nie. Hy was reeds genomineer vir 'n veilige Volksraadsetel en die koerante se politieke korrespondente het nog groter eer vir hom in die vooruitsig gehou.

Vir diegene in die buitelewe wat vir Dawid Burger leer waardeer het, was hy 'n buitengewone mens, 'n gebore leier. As die saak reg was, was hy ruim met sy geld. Drie broerskinders studeer aan universiteit op sy rekening. En ou Jurie, die Basoeto wat al jare lank vir hom werk, het seker die hoogste loon in die buurt verdien.

Ek glo nie sy gesin kon met Pa tred hou nie. Ons drie stuks, vir wie die pas te vinnig geword het, is in mekaar se geselskap agtergelaat. Ma, selfs na 'n paar jaar op Stellenbosch, het die eenvoudige patroon van 'n paar vriende, haar struiker en baie boeke verkies. Die buitelewe, die vergaderings en sosiale verpligtings wat 'n noodwendigheid van Pa se posisie geword het, het haar verveel en tot menige hekelversies gedwing, ruim deurspek van die Naroega.

Die sewentienjarige Riana was 'n wilskragtige klein eiewys, wat selfs vir Pa met haar tong aangedurf het. Mooi . . . en onvoorspelbaar! Ma het een keer gesê dit sal haar nie verbaas as Sussie nog met 'n langhaar van Hillbrow afhaak en saans in dofverligte kelders saam met die „Angry Young Men” vergader nie!

En ek? Pa het swaar gesluk aan 'n seun wat meer sinnigheid vir die letterkunde en die kuns as 'n klaarge- maakte suksessaak getoon het.

Dit was dan „Graniet” en sy mense met wie Arries Verooi 'n jaar lank sou saamleef. Ek sien hom nou nog agter Pa van die motor af wegstap, byna die helfte kleiner, die ene gewilligheid om van nut te wees.

Ou Boel, ons knorrige steekbaard wat geen swartmens en min vreemdes verdra het, het snuiwend na Arries nadergekem.

„Boel! Boel!” keer ek, „sie-jy.” Arries het vasgesteek, na die lelike hondegestig gekyk en so waaragtig die deur-mekaar kop begin streel.

„En hy sal my mos nie wil byt nie! Nee, hoekom sal hy dan? Ek's mos Arries Verooi van die Naroega, die klong met die goeie hart, soos die justis van die pees self gesê het.”

Boel se nekhare het net halfmas gekem. Hy het Arries

'n slag beruik en toe, tot ons grootste verbasing, sy hand begin lek.

„Kê-kê-kê,” lag Arries, maar self verlig. Dit was die begin van 'n onverwagte vriendskap.

Die eerste ses maande het dit geil gegaan. Arries het twee keer soveel werk as 'n gewone huisbediende verrig, en hy was self lastig van gewilligheid. Hy was nie juis huisjong of tuinjong nie — net waar Ma hom nodig gehad het. Tel nog sy opgewektheid en sy Naroega-geestigheid by, dan het dit al gevoel of die drie stuks van 'n moeder, 'n seun en 'n dogter 'n vennoot bygekry het. Arries het vir ons gewerk, musiek vir ons gemaak. Maar bo alles, Arries het weer die lag in ons lewens gebring. Ma en haar kinders het vir daardie heerlike ses, sewe maande in die sonnigheid van 'n Karoo-klong gekoester wat geleer het om elke stukkie lewe uit 'n dag te haal.

Ons was nie nou net drie lede van 'n vooraanstaande Afrikaanse gesin wat in die skaduwee van 'n groot boom geleef het nie, maar drie mense wat vir die eerste keer saam geproe het hoe heerlijk aards die lewe kan smaak. Ons het saam gehoor hoe droog dit kan word dat hulle 'n gora in die rivierbedding moet grou; ons het saam aan die geurigheid van 'n kambro-wortel gekou; ons het gehoor hoe die wind maar sy malle maai kan afwaai, maar 'n heldoring uitkry is min; ons het aan die heuningbier geproe wat mens van jongby en suiker maak en „eers op die driede dag reg is, want dan's hy de moer in”; ons is getref deur sy liefde vir sy pa-goed, al is die ou 'n ou stokstert „wat darem deur die Heer se genade nog twee tande bo mekaar het”. En ons het met verbasing gesien hoe sy godsdiens so deel van hom is soos sy kitaar. Die Here was soos 'n „string” pa wat hom sal bliknerf slaan as hy verbrou het. Iemand wat soos sy Ma-goed sal verstaan as hy spyt is, wat saam met die vryersklong na sy Miriam verlang . . . Maar hoe maklik het hy nie af en toe die Groot Seur vergeet nie!

Partymaal was hy darem te prontuit en dan moes Ma hom temper. Vir haar maak dit nou nie saak as Arries 'n hondebossie op sy regte naam noem nie, het sy gesê (want sy ken hom so), maar daar is ander wat sal aanstoot neem.

Hoeveel middae het Ma nie onder die groot elata gesit en brei, met Arries digby aan die peuter met die blomme,

Boel langs hom . . . Dan het hulle saam die Klein-Karoo van Willowmore verken, ma vraend na wie nog leef, wie nou op Waaikraal woon, of baas Kruppelpoot onder die Hoogmoed-berg nog sulke geil lusern het, of die kerkei na Brakfontein se kant nog so witblom staan . . . Dit was southappies soveel anders as dié wat op skemerpartye bedien word . . . 'n vreemde gehegtheid tussen 'n eensame vrou en 'n Karoo-klong waarop geen sosiale son nog geskyn het nie.

Ek het partymaal van my medestudente wat Arries sou verstaan, na ons huis genooi, en dan het ons die agterstoep laat dawer van die liedjies en die plesierigheid; en Arries het die Boere-Witsies, wat seker ook maar stad-uit verlang het, laat krul aan hierdie ongekonstelde vermaak.

Pa het aan sy kant gebly — 'n stugge toekyker wat swaar van sy opinie oor Arries afstand sou doen.

En nou besef ek hoe hy verlang het na die hart van die vrou wat ons moeder is, hoe 'n vrolike laggie wat Arries in haar losgeslaan het, net persoonlik syne kon wees. Dis of Pa 'n onvermoë begin besef het om tot daardie vrou, geestelik so ruim, so fyn gemanierd, deur te dring. En hoe lief het hy nie hierdie Karoo-nooi gehad nie, en hoe groot haar agting vir hom nie, maar dis of hulle nêrens meer op die besige snelweë kon stilhou nie.

Ek het Pa een aand hoor sê: „Julle word darem nou te vrypostig met hierdie skepsel. Hy moet nog net aan tafel sit.”

„Ag bog, Dawid,” het Ma geantwoord, „Arries is op sy plek. En die kinders geniet hom.”

„Klaarblyklik meer as vir my.” Ma het stil gebly. Hulle was weer by die dun grensie tussen rede en rusie. Pa, nou die ernstige vader wat dit so opreg bedoel het, het byna gepleit:

„Gerda, die mense begin al te verneem na jou, waarom hulle jou so min saam met my sien.”

„Om weer na Babs Luttig se stories oor haar lang Bollandse stamboom te luister, hoe jammer dit is dat Eric nie 'n graad het nie omdat hy dit dan so aanvoel, om dit as 'n eer te beskou om saam met Sarena Loubser vir sosiale foto's to poseer . . .”

„Jy weet dit tog goed dat almal nie so is nie. Almal is nie spogpoue wat altyd na 'n hoër sosiale sportjie mik nie. En ek praat van die ernstiger dinge. Van my werk,

die vergaderings, die dinge wat ek wil bereik. Die Afrikaner in die stad het nog so ver om te gaan. Dis ons twee se plig om dit te doen." (Het hy maar gesê wat in sy hart was: Omdat ek jou so nodig het, Gerda.)

Dit sou Ma se tweestryd soveel makliker gemaak het. Sy het sy erns gehoor, en die egtheid daarvan het soos 'n staalpunt deur gedring. Die kruispad was duidelik afge-merk: die verknogtheid aan die lewe wat sy so graag begeer en wat so selfsugtig voor Pa se persoonlikheid voorkom, en die lewe aan Pa se sy, waar sy hoort, die vrou van die man wat sy visier op die hoogste kerf gestel het. Later sou sy 'n sjarmante ministersvrou word, soos die koerante gesê het, maar daardie tyd, toe sy vir oulaas 'n gannabos op haar werf plant, wou sy nog keer dat die takke van die eik nie haar fyntuin toegroei nie . . .

So in sy sewende maand het Arries my sy eerste dwars-antwoord gegee. Sondagmorgens was dit sy taak om die koerante per fiets sowat 'n myl ver te gaan afhaal. 'n Halfuur reeds na die gebruiklike tyd het ek gevra: „Arries, kry ons dan nie koerante vanmore nie?”

Hy het teesinnig sy voorskoot losgeknoop en gebrom: „Ek's siek ve'more. Dis vrek ver op 'n baaisekel.”

Riana, wat dit gehoor het, het hom agterna gekyk en gesê: „En wat beteken dit, Kassie?”

Ma het bygekom. „Daar's fout met Arries. Gister het hy my Leerdam-vaas gebreek en skaars jammer gelyk. Die ou Arries sou van spyt gehuil het.”

Sowat 'n uur later het hy die koerante gebring.

„Hier's jou Sunday Snêppie.” Hy het 'n oomblik na die Afrikaanse koerant gekyk en na 'n foto van Nkrumah gewys.

„Lees net bietjie wat sê hierdie Nakroem als.”

„Maar kan jy dan lees, Arries?”

„Lees?” het hy kortaf gesê. „Maar skriftierlik!” En hy lees, stamperig, maar duidelik: „Nakroem, wat iet die gevang-enis (hy kyk op met „dis mos die tronk daai?”) „ontslaan is, het gewaarskie dat hy nie sal rus voordat hy nie baas in sy eie hys is nie.”

Hy glimlag breed toe hy herhaal: „Baas in sy eie hys.”

Sussie het na 'n rukkie gewonder: „Sou die swart politici hom al hier beetgekry het?”

Maar Ma het haar kop geskud. „Arries meng nie maklik met die ander volk nie.”

'n Paar aande later het Susie my kom roep, en tot naby Arries se kamer gelei.

„Luister Kassie.”

Arries was besig om met ou Boel te gesels, en so in die agtergrond het die kitaar sag gepraat, 'n deuntjielose getwang onder ligte vingerveë . . .

„En hoe lyk my ou Boelie dan so bekaf venaand? Verlang hy na sy vrou tjie, hê ou Boel?” Dan 'n skel spotlaggie, soos 'n selfberisping. „Ag, wat praat ek tog: so 'n ou stokstert soos jy wat al grys om die kiewe is!” ('n Paar vinnige veë oor die snare, 'n kransie skerp note met die voorvinger uitgepluk.) „Maar as hy na die Afrikas aard, sal sy hondehart nog ramkat wees, soos sy Oupatjie Verooi . . . Ai, ou broer, dis Saterdaggaand, Saterdaggaand onder die Spekboomhang . . .”

Die kitaar spring in die donkerte op, en Arries se stem bokkapater saam met die bruinvolk:

„O tamatie, tamatie, tamatie,
Venaand hou ons paartie . . .
O, die ywe, die ywe, die ywe
Venaand gaat ons skywe.”

Dan is dit stil, 'n hele paar oomblikke doodstil.

„Lek maar ou Boelman — smaak my hand vir jou lekker?” Weer die stuitige laggie. „Wil jy 'n kopkrappie hê, Ouste?”

Sonder waarskuwing is dit weer die kitaar se beurt, slaan die rukwind van verlange op die snare vas. Op die wyse van „Red sails in the sunset,” verneem die vryersklong na sy Miriam:

„O Miriam, my klei'meid?
Wat maak jy venaand?
O Miriam, my meisiekind,
Waar's die hinningbier?
O Miriam, jou gannabos,
Gee my 'n sluk witgatboom.”

Dan val die mondfluitjie in, en 'n paar draaie verder ook ou Boel — 'n kitaar, 'n mondfluitjie en hoë hondetjanke, 'n driestem duisend myl ver na die Naroega.

Sussie se oë het styf in haar kop gesit. „Dis nie reg nie, Kassie.”

Toe sê Arries: „Kom ou maat, kom ons gaan byte. Dis tyd dat ons . . .”

Ons het haastig padgegee.

Arries het nou vinnig vrotsleg geword. Eers kom ou Joseph, tuinier van buurman Murphy kla dat Arries met sy jongvrou begin lol. Pa het die Karoo-klong met die polisie gedreig.

„Ek met 'n kaffermeid lol, seur?” het hy minagtend gesnou. Nout nie! Hulle is nie ons mense nie. Hulle steel 'n mens se lyf en slaat Hotnot se tjint donker hou met 'n knopkierie.”

Toe gebeur die onverwagte. Arries praat vir Pa terug. Hy was besig om die agterstoep te vee, so 'n los „mirragvetjie” soos hy sê. Daar was nie juis veel vuilgoed nie, en toe Arries by die stoeptrappie kom, vee hy die hopie sommer so in die wind in. Pa, wat geen brouwerk verdra nie, moes toe juis op daardie oomblik om die hoek kom.

„Jy moenie die vuilgoed so oor die gras vee nie, Arries. Jy moet dit optel.”

„Ag, hierrie bietjie vuilisgoed? Vir hulle vee ek sommer dat hulle niks is nie.”

„Tel op daardie vuilis, sê ek jou. Op die plek!”

Arries het die skoppie gaan haal, nie haastig nie, en met groot gebaar na die vuilgoedjies in die gras gesoek, asof hy dit met moeite kry. Daar was duiwels in sy oë, soos karriemoer op die derde dag.

Daardie aand sê Pa aan Ma: „Arries begin nou moeilikheid maak. Hy moet in sy spoor trap.”

Ma het geknik. „Daar's fout met Arries. Iets het verkeerd gegaan.”

„Ek't hom van die begin af deurgekyk — 'n regte lawaaimaker wat nie ou Jurie se skoenveters werd is nie.” Mamma het maar net geswyg. Sy het geweet Arries moet weg . . . en daarmee moes sy ook virgoed afskeid neem van die Naroega, die laaste stil draaikolkie van die waibos voor die stroom hom vat . . .

Die volgende middag bring ou Murphy ons vir die eerste keer die jaar 'n besoek. Iemand het met sy byekorwe gepeuter; en eienaardig, vertel hy, hoewel hul vet van die heuning is, is geen heuning gesteel nie. 'n Paar rakkies het net so op die grond bly lê.

Die dag van my een-en-twintigste verjaardag, 'n maand later, het Arries se jaar by ons tot 'n skielike einde gekom. Pa het gemeen, dit seker so aanvaar, dat ek die belangrike dag 'n groot geselligheid verlang. Maar ek was nie lus daarvoor nie. 'n Paar Saterdag voorheen het ek my verstom

vir die deftigheid van Greta Tolson se troue, vir die paar honderd mense wat die tuine van hul deftige Parktown-woning volgestroom het, vir die polisieman wat die tafel met duur presente moes oppas. Nee, het ek gevra (versigtig voor die reguitblik bo my), as Pa nie omgee nie, wil ek net 'n klompie goeie maats uitnooi vir 'n lekker aandjie se sing en plesier. Met Pa se permissie 'n kassie Castle ook, nie 'n grote nie.

„Arries kan sommer 'n bietjie musiek ook maak.”

„Arries!” het hy sy teleurstelling uitgesnuif. „Jy verwag tog nie dat ek saam met hom jou verjaardag moet vier nie?”

Ek was verlig toe Ma skielik roep: „Kassie, Kassie! Telefoon!” Ek het nie die foon hoor lui nie, hoewel dit naby ons was.

Alles het sonder steurnis verloop, en Arries het sommer nuwe lewe gekry toe hy hoor wat sy aandeel in die aand sou wees. Die kitaar en die mondfluitjie het aand vir aand die vrolikste goedjies van hulle laat hoor. „Ek kyk sommer so die dingetjies deur, klei'baas. My hande moet Vrydag reg vat.”

Maar drie dae voor Vrydag het die teenspoed so onverwags soos 'n lammervanger toegeslaan. Ian Murphy se byekorwe is hierdie keer behoorlik geplunder. Die ergste van alles is dat die dief vir Joseph, wat hom in die donkerte probeer voorsit het, so 'n donker hou geslaan het dat die jong in alleryl hospitaal toe geneem moes word.

As dit Arries was, het hy geen teken verraai nie. Maar hierdie keer het die polisie op die toneel verskyn.

Riana en ek was verlig toe Vrydag aanbreek, met Arries nog op ons werf. Dis of ons besef het dit sou ons laaste plesierigheid saam wees, die laaste keer dat ons die ou Arries kon geniet.

Ou Jurie, wat min aan Arries gehad het, het duistere dinge voorspel: „Die polisie sal hierdie man kom vat. Vandag nog.”

Toe Arries my die oggend by die agterdeur raakloop, het die vrolikheid na sy gesig geskiet.

„Geluk, my seurtjie. Geluk met die klei'baas se verjaardag. Ai, ve'dag is die Kassie-kind grootman hê, die noemnoem se bessies het ryp geword. My klei'baas, my seur Kassie.”

Dit het gelyk of hy nog iets meer wil hê, of woorde

alleen te min is, of hy aan my wil vat soos hy aan Miriam met die afskeid gevat het, om sy hart te laat deurkom. Ek het my hand na hom uitgesteek met 'n „Dankie, Arries”, en hy het dit in albei syne vasgevat, 'n slag bokgespring, die kop eenkant toe, sy hart week oor die gebaar van die jong seur.

„Laat's Heren segen op u dalen, klei'baas . . . Venaand slaat ons die kitaar dat hy sy agterint nie kan roer nie.”

Ek het Ma se gesig net vlugtig deur die venster gesien. 'n Vrou se glimlag is nooit so soet as wanneer dit dou-nat is nie.

Toe ons jongklomp die aand op die agterstoep lostrek, was Arries al vuurklip wat vonk slaan. Ou Boel het voor hom gelê. Selfs Pa het so eenkant kom sit, teësinning vir die ongewenste situasie; maar toe Arries die een Boereliedjie na die ander laat leef soos Pa dit nog nooit geken het nie, het 'n sku laggie in sy oë gekruip. Ma moes dit seker ook gesien het. Sy het gewag dat die oë nog meer moet lag, dat die ernstige gesig nog meer moet ontspan. Arries self, vereer deur Pa se teenwoordigheid, het alles gegee om tot die streng seur deur te dring, maar na 'n ruk het die baas van die „groothys” opgestaan en verdwyn.

Toe is die gort gaar. Arries het so af en toe in die donkerte verdwyn, en elke keer was die klong 'n endjie verder aangeklam.

„Waar gaan hy?” vra Sussie bekommerd.

„Wat dink jy?”

Toe hy weer na 'n draaitjie terugkom, fluister ek: „En hoe smaak die karriemoer, Arries?”

Hy het hom bang geskrik en gesoebat: „Moet tog nie praat nie, klei'baas. Moenie vir die kolkeps, die polieste, sê nie.”

Na nog 'n sopie en Arries was weer sy malse self. Hy was weer die oomblik, die oomblik hy. Die jongbybier het nou deurgewerk en die kitaar en die fluitjie het swaar geleef.

Met oë bot toe het hy sy kop af en toe agteroor geruk en geterg: „Toe dan, Oompie Afrika, toe dan, vat vir antie . . . Miriam, jou gannabos, jou meisiekind . . . Aita, maar die Booi Arends kan laf slaat met 'n vuis, hè . . .” Die Naroeaga was by ons, hier vlak voor Arries se oë.

Toe hy die mondfluitjie bytrek, het Boel opgesukkel en Arries se gesig begin lek. Die sweet het seker na heuning-

bier gesmaak, want Boel het eers die een wang, toe die ander, dan die voorkop met sy groot pienk tong drooggelek. Maar wat ophou is Arries. So deur die lek het 'n glimlag om Arries se toe oë gegroei, en die jongklomp het hulle slap gelag.

Toe gewaar ons die blink knope van twee uniforms in die stoep. Ek het haastig opgespring en na buite geloop.

„Ons kom hierdie Arries-klomp van julle arresteer vir diefstal en aanranding,” het die sersant gesê.

„Nog net so 'n bietjie, sersant,” het ek gepleit, „dis my verjaardag . . .” Die sersant is 'n mensliewende man, en Pa 'n vooraanstaande persoon.

„Goed dan,” het hy toegegee, „maar net vir 'n rukkie, hè.” Ma het ook bygekom en om uitstel tot more gepleit, maar dit wou hy nie doen nie.

Op Arries se gesig het nou so 'n twee-trek gelê, 'n astringentheid wat nie heeltemal sy vrees kon verskuil nie. Hy het sy laaste liedjie gesing, weer een van dié wat sommer uit die vuis kom:

„O Naroega, jou vetstertlam.
Jou gannabos, jou hinningkoek . . .
Die kolkeps dink
Hul gaat my vat.
Maar Hotnot se tjint
Slaat voet in die wind . . .”

Toe het die polisie vinnig nadergekom en Arries weggevat. Ek het hom nooit weer gesien nie. Ma het moeg gelyk toe ek gaan nag sê het.

„Ek moes hom nooit weggeneem het nie,” het sy afgetrokke gesê.

„Nag Mamma — en dankie vir alles.”

„En nou's jy ook al grootman, nè?”

Haar fyntuin het toegegroeï.

S. C. HATTINGH :

Die Meeste . . .

1

*Gee my die krag om hierdie las te dra
waaronder ek die jare deur moes buk
gedwee, soos osse onder sware juk,
onmagtig om verlossing aan te vra.*

*Want hierdie las, in vreugde opgeneem,
verbrysel beide liggaam en die gees,
vervul die hart met wanhoop en met vrees,
laat jou van jou geboortereg vervreem.*

*Totdat jy magteloos voor die afgrond staan
'n slaaf wat willoos opgeoffer word
aan magte wat in duisternis beweeg.*

*O, Liefde, hoe verskriklik is die waan
dat jy ons steeds met nuwe krag omgord —
Wie ken die onreg in jou naam gepleeg!*

2

*Die jare deur het ek een god gediën,
die naam van Liefde by sy troon aanbid,
soms vol verbystering aan sy voet bly sit
om al die wondere wat hy bied, te sien.*

*Toe het daar in my hart die drang ontkiem
om hom te volg as Priester en Profeet,
nog onbewus van al die wrange leed
waarmee ek soveel harte wreed sou striem.*

*Maar deur die duisternis wat my omring
breek daar meteens 'n felle bliksemskig
en praat 'n stem vol ingehoue spot:*

*„Kyk nou aan wie jy al jou hulde bring . . .”
Daar voor my staan, omstraal van suiwer lig
die Wellus, met die masker van 'n god!*

*Daar was bloedrooi papawers in die vaas
die dag toe jy ons skielik moes verlaat —
Met elke blom apart het ek gepraat
maar hul het kommiervol geswyg — verdwaas.*

*En eer die son stil oor die kim verdwyn
het elkeen ongemerk die hoof gebuig
asof die dood nog elke oomblik dreig —
die blare reeds verwelk, simbool van pyn.*

*Intussen het ek oud en stram geword,
my liggam uitgedor en half verwelk,
en nader kruip die skadus van die Nag.*

*Maar totdat ek die Afgrond in moet stort,
bly ongeskonde, soos 'n nuwe kelk,
die droom wat steeds nog op vervulling wag.*

NUUSFLITSE

*'n Vliegtuig het weer neergestort,
alle insittendes is gedood . . .*

*Die sneltrein het die spoor verlaat,
verlies aan lewens uiters groot . . .*

*Die myn se gang het toegeval,
die werkers het in gas versmoor . . .*

*'n Skudding het die stad verwoes,
talle lyke reeds opgespoor . . .*

*Barbare het die streek oorval,
en al die blankes uitgemoor . . .*

*Bo in die Noorde, dag na dag,
sterf duisende 'n hongerdood . . .*

*Daar moet tog iemand wees wat bid,
wat vurig roep in tyd van nood,
wat smeek om lewens te bewaar
in tyd van dreigende gevaar . . .
Die roepstem gaan in niet te loor,
asof daar niemand is wat hoor . . .*

SOCRATES EN PHAEDRUS

*Wanneer jou hart dan oop is Phaedrus
en jou oog gewaar
'n beeld van ewige skoonheid
dan word jou hele wese vervul
met huiwering en ongekennde warmte.
Maar hy wat goddeloos is en vals,
tot wie die skoonheid nie kan spreek
al sien hy sy beeld nie —
Voel geen ontsag geen eerbied
daarvoor nie.*

*Die vrees en aanbidding
wat 'n edel siel ervaar
wanneer hy goddelike skoonheid
aanskou, is aan hom vreemd.
Want Phaedrus, skoonheid
en skoonheid alleen
is tegelyk lieflik en sigbaar.
Dis die enigste verskyning
van die geestelike
wat ons met ons sintuie
kan waarneem sonder om te vergaan . . .
Want wat sou van ons word as
die goddelike, die rede,
deug en waarheid
tot ons deur ons sintuie moes spreek?
Sou ons nie sterwe
en deur liefde verteer word
soos Semele eertyds deur Zeus nie?
Die liefhebber van skoonheid
se weg na die gees
is skoonheid —
maar slegs die weg, die middel
lieuwe Phaedrus.
En onthou:
die minnaar staan nader
aan die goddelike
as die beminde —
want die god is in dié een
maar nie in die ander nie.*

CHRIS BARNARD :

Verwarde Kringloop

*Nog alle jare was dit so:
lentes het die kimme oopgebot,
'n nuwe bloei het uit die
skurwe okselmikke los geraak
en malsgroen teen die
leeurikroep gestaan.*

*En later het 'n somer om
klein vrugbeginsels saamgepak,
tot dat die môres ryp in elke
rooi pit lê —
swanger dae waarin bruin
takke opreik teen die son
soos vol, tevrede hande.*

*Herfste was geel.
Augustus het die dae een-een
van hul stingels losgewaai
en moeg deur geute weggespoel.
En als was droef.*

*Winters was die horisonte yl
en sonder wolke —
net die swart gryp van bome nog
teen witgerypte bulte.*

*Maar gister het ek een hoor kla
dat hierdie somer kouer is as ooit.
En toe ek deur die venster leun
was daar 'n bloeisel tussen
geel blare van die perskeboom!*

VAKANSIEBRIEF

Vir A.

*Bedags se meeuë is 'n vlug
van triestige gedagtes
wat kantel en draai . . . kantel en draai
oor berge binneland en baai.*

*En nagte as die bries wit branders saal
en skuimbek strand toe ry,*

*moet ek alleen al op 'n sandspoor dwaal
vér by die voorste kaai verby,
verstrooid seerose uit klam skeure haal
en name in 'n boomstam sny.*

*Soms skyn die son,
soms skyn dit nie —
soms waai die wind die heeldag suid.
Soms is daar pos,
soms is daar nie —
kom ons ooit by mekaar ooit uit?*

DIGTER

*Toe ek nog klein was het ek soms
in 'n klossiebos gaan skuil
en met die weemoed van 'n kind
albei my moue natgehuil.*

*Nóú soek ek nagliks na 'n spreuk
om my van hierdie hart te red,
maar raak al droewer en verstrik
in raaisels van 'n alfabet.*

NUWE PLATTELAND

*Hier breek ons die bulte in,
soek voel-voel in klowe op na plantplek,
en piesang, veselperske en lemoen
groeï geil soos aan die Begin.*

*Die toekoms lê in groenegaar,
in goueblaar-tabak en bloekombome —
en saam met skure huis en landerye
groeï die bankbalans en drome.*

*Seisoene is ons goedgesind,
en tussen oes en ryker oes
bou ons 'n Eden sonder Aandwind!*

BESEF . . .

*Wat is daar wat myne is —
weelderige huis en skure?
Op elke horison huiwer
nagliks vure.*

*Waarvoor kan ek bid
dat dit myne bly, watter besit?
'n Sorgsame en slanke vrou?
Hoe lank nog Lief, hoe lank,
dan kiem 'n vreemdeling
se vreugde dalk in jou!*

*Wat kan ek my eie noem —
hart en tenger hande, Heer?
In my lê reeds tekens van
die laaste en die groot Verweer . . .*

GEBED IN DIE VOORLENTE

*Die leeurik roep die dae om
en snags is alles bot en stil,
vol nuwe lewe wat diep uit
die aarde na die sterre tril.*

*O, laat wat enkel bloeisel is
in my tot vrug word, Heer; laat
dit wat helder is ontkiem en
was van vrugbaarheid uit saad*

*wat met die later, ryper dae
die wit vrug van die woord sal dra.*

AANKLAG

*Julle met julle goddelike logika,
jul suiwer denke en gesoek
na waarhede in apokriewe,
sterre en wysgerige gekloek —
wat het julle my meer gegee
as die onrus van 'n muwwe boek?*

*En jy met jou soet gekokkewiet,
jou skemer hals en helder lag,
jy met jou oë wat aldeur lok
en kamma-skaam op soet woorde wag —
jy het niks meer gegee as net
die kort vreugde van 'n nánag.*

*Hoeveel keer, droonverlore langs
'n spruitwal of êrens in 'n rietbos,
het klei-osse, tolle en 'n rietfluit
my van hart en horison verlos!*

DEUR 'N WOONSTELVENSTER

*'n Muilewa met groente op
kom in die straat verby geklop.*

*'n Klonkie met vuil hemp en broek
verkoop koerante op die hoek*

*en in die Griek se vuil kafee
drink twee mense rustig tee,*

*gesels oor sake van die dag
terwyl hul op die laatbus wag.*

*'n Boemelaar met tas en pet
staar na 'n wit aanplak-biljet.*

*Vér êrens loei 'n ambulans.
Een adverteer 'n lentedans.*

*'n Robot vouk. 'n Aandtrein fluit.
'n Vlieg loop teen die vensterruit.*

KWATRYNE

REËNDRUPPEL

*Diep in jou helder ronding hang
'n skoner wêreld vasgevang.
Sou ek as ek in jou kon wees
na die suiwer buitekant verlang?*

ELOFFSTRAAT

*Hier waar nou ambulanse loei,
grys vestings tussen steiers groei —
eens, toe die dae skoner was,
het tulpe hier in Maart gebloei!*

KRUISIGER

*Toe hy die dag die hamer lig,
was dit sy elke dag se plig.
Is hy nou skuldiger as ek
wat aldeur voor 'n afgod swig?*

DIERETUIN

*Begryp hul reg wat hier gebeur
dat hul berus, so selde treur —*

*of wag hul nog geduldig dat
die vlaktes uit die Vloed moet heur?*

TEATER

*Hier word die droom 'n hoë brug
waaroor ons Anderland toe vlug.
Maar as die stadsklok halfnag slaan,
dwaal elkeen stroef en leeg terug.*

MENS

*Jy droom jou los uit hierdie kring,
bly hunker na voleindiging,
maar staan verskrik langs elke stoet
wat droef die hulsel graf toe bring.*

PROSTITUEE

*Vir brood het sy haar hart verloor,
nou staan sy saans swaar stewels voor
en het van al haar vroeër trots
enkel die dy en dors nog oor.*

MOEDER

*Die maande kom en bloei en gaan,
geel herfste waai droef deur die laan.
Met watter volmaan sal die ster
weer bo ons dak se nok kom staan?*

Die Seun

Die lang grasstingels swiep teen die kaal bene van die blanke seun en die jong naturel. Langs mekaar stryk hulle aan oor die ongelyke oppervlakte van die turfveld met sy baie pannetjies, barste en harde stinkgraspolle.

„Hoekom het die Oubaas jou gis'traand geslaan?” verbreek Modisê die stilte.

Vinnig spoeg die seun stukkies grasstingel uit sy mond.

„Dit lieg jy. Hy't my gan geslaan het. Waar kom jy daaraan?”

„Ek't gehoor. Ek was op die werf. Maar jy's wragtag taai. Ek het gehoor jy huil nie.”

„Ek is slae gewoon. Ek grens al vir jare nie meer nie, man.” Die seun se dik onderlip krul veragtelik om.

„Hy sê ek het eergister sy twak gesteel.”

„Maar hy's darem waar daardie,” meen Modisê, „want ons het hom eergis'traand gerook.”

„Nouja wel en wat daarvan? Wat gee ek om. Het ek miskien geld om twak te koop? Dan neuk hy my as ek vat. Hy sê ek is 'n bleddie skelm en lewe net van steel!”

Die seun se stem, oë, sy hele gesig weerspieël bitterheid. Maar dis nie al wat sy pa gesê het nie, dink hy terwyl sy oë op die gebarste grond voor sy voete bly. Onnosel, dis wat hy is! Nog nooit 'n standerd deurgekom nie. Elke jaar word hy op ouderdom opgeskuif. Te lui en te vrot en te dom. Dis tyd dat hy sestien word sodat hy kan kom werk op die plaas. Hy loop net vir kwaadgeld rond, daarom is hy parmantig en sy gesig so vol vrypuisies.

Sy hand voel werktuiglik oor sy gesig. Vrypuisies! Hy wat te bang is om met sy hees stem naby 'n meisie te kom. Vrypuisies!

Dan sluk die seun swaar en sy asem fluit byna by sy neusgate uit. Dis maar goed jou ma is so lankal dood, het sy pa gesê. Wat sou sy gesê het as sy al die skandes moes aanskou wat jy aanvang. Sy sal in haar graf omdraai as sy moet weet.

Moeitevol werk die veertienjarige seun uit hoe lank sy moeder al dood is. Agt jaar, want hy weet hy was ses.

Dit was op sy verjaarsdag, want sy ouma het hom dit later vertel. Hy onthou ook van karre en mense en stof. En 'n gesing. En sy pa het gehuil dat jy hom wie weet waar kon hoor. Maar hy weet nie meer hoe sy moeder gelyk het nie. As hy terugdink stel hy haar nie voor as 'n mens van vleis en bloed nie. Soos sy op die portret in die sitkamer staan, so verskyn sy altyd in sy gedagte, penregop, styf en onbeweeglik, haar hare agteroor gekam met 'n bolla waarvan jy net die kant kan sien. Plat soos die portret, plat, sonder liggaam of ronding.

Skandes! Ja, alles het sy pa weer opgenoem. Sy onnoselheid. Die kleurpotlode wat hy van die skool af gebring het en wat sy pa hom weer laat terugvat het. Die leë oefeningboeke wat hy huis toe gebring het, die swembroekie wat hy in die kleedkamer by die swembad opgetel het, die vulpen wat hy in die klaskamer opgetel het, die horlosie . . . Al die dinge wat hy so graag wou hou . . .

Vrypuieties! Na wie sou hy tog ooit vry! In die bioskoop het hy 'n meisie gesien. Met lang bene en 'n klein middeltjie en hy het hom verbeeld hy sit sy arms om haar. Toe het hy 'n paar oomblikke van verrukking gesmaak. Ja, vry op 'n distansie . . .

Modisê vestig skielik sy aandag op 'n vliegtuig wat so pas oor die horison verskyn het. 'n Vliegmasjien word uiters selde bokant die plaas gesien en altwee is dadelik vol belangstelling.

'n Groot vliegtuig is dit nie, en dit kom redelik stadig aan gevlieg. Omtrent reg bokant hulle draai dit skielik links en begin dan al in die rondte te vlieg. Dit is goudgeel met 'n rooi neus en groot swart letters pryk op die onderkant van die vlerke.

„Ok maar 'n flaaimasjien drunt darem hard!” meen Modisê, terwyl nie net sy oë nie, maar sy ganse liggaam die vliegtuig op sy sirkelgang volg.

„Hierdie is niks nie man, dis sommer 'n ou kalfie. Daar is baie groteres, met meer enjins ook,” laat die seun sy kennis geld.

„Hy maak snaaks! Hoor! Hy skiet-skiet so. Nou is hy jintemaal stil.” Modisê se hande vorm albei bak agter sy ore soos hy luister.

„Hy sak. Wragtag hy sak. Hy wil gaan sit. Dit lyk my by die rooigrond by die miershope se kant. Kom!”

Die twee snel kop aan kop in die rigting waar die vlieg-

Die merkwaardige van die posisie is dat mensmisvorming nie in die aloue kulture van die weste of ooste voorkom nie. Al geval wat ons ons kan herinner waar beelde van die mens vergesel gaan met iets wat met 'n misvorming korelleer kan word, is in die gevalle wat in die Kamakura-periode in Japanse kuns voorkom waar die gedagtes van die mens los uit sy mond kom soos bv. rook, maar die menslike liggaam assulks word in geen enkele geval misvorm nie. Dan nog ook in die geval van Egiptiese beeldhouwerke waarin hulle gode as halfmense voorkom, is dit nie die mens wat assulks misvorm word nie maar Egiptiese gode wat so 'n voorkoms had in die verbeelding van die volk.

In die Griekse en Romeinse beskawings word die mens deurgaans voorgestel as 'n waardige wese, in die geval van die Grieke word die mens met 'n skoonheid uitgebeeld wat aan die goddelike grens. Nooit was dit die Griekse kunstenaars toegelaat om van die vasgestelde skoonheidsnorm af te wyk nie.

Die proporsies van die menslike liggaam was dáár net so streng vasgelê deur Vitruvius as wat dit in die geval van die boukuns was: Nòg die Grieke nòg die Romeine, het selfs in die dae van hulle verval die mens as 'n wanstaltige voorgestel.

Dit is daarom bevreemdend dat westerse- en oosterse kuns wat parallel ontwikkel het en saam die stadium bereik het waarin die kunstenaar die ongebonde posisie beklee waarin hy tot die hoogste pieke van skoonheid kon klim, die westerse kunstenaar 'n gans nuwe akkoord moes slaan om met die nuutontdekte drie-eenheid: Handel-Wetenskap-Tegniek, te harmonieer terwyl sy Oosterse tydgenoot hom nog ewe gesond en vol skone verrassings op die aloue ingeslane weg bevind.

Hoor hoe Le Corbusier in ekstase geraak wanneer hy die voortreflikhede van dié nuut-gevonde voorwerp van adorاسie bespreek:

„Die masjien, die simbool van die moderne mens,” so sê hy. „het 'n hervorming in die gees van die wêreld teweeggebring . . . Die masjien voorsien ons van koeëls, koëllaers en silinders van staal van heerliker glans en wat fyner afgewerk is as wat die natuur instaat is om te doen . . . Die mens, die skepper van die masjien, is so volmagtig ten opsigte van sy skeppinge as wat 'n god kan wees!”

Sedertdien dat die digter nie meer oorweldig word deur

die hemelgroot papawer van sonder nie maar deur die dinamo, hyskraan, stootgraaf en padskrapermasjien.

In die vroeë Christelike- en Bisantynse kuns word slegs die dinge wat die bo-natuurlike en hemelse taak uitgebeeld: die ondermaanse voorwerpe word wel behandel maar nie asof hulle aan hierdie wêreld behoort nie. Geboue, beelhouwerk en skilderinge is ewe sakramenteel in funksie en stel simbolies net sekere fases in die geestelike lewe voor.

Een van die eerste voortekens van modernistiese kuns word in die skulptuur van Romaanse bouwerke aangetref. Nog in daardie tyd toe nie slegs provinsie teen provinsie onafgebroke in harnas teenoor mekaar gestaan en bloedige skermutselings aan die orde van die dag was nie, maar die onenigheid teen baron en ab. geestelike en leek, en hulle lyfeigenes dit meegebring het dat die oorheersende gemoedsaandoening van dié tyd die van haat en angs wes.

Voeg daarby die algemene vrees dat daar 'n duiwel of towerheks agter elke bossie mog skuil, en dit is maklik om te begryp dat die kerkmure van dié tyd — veral aan die donkere binnekante daarvan bebeeldhou moes wees met gemartelde en verdoemde sondaars in tonele van die oordeelsdag.

In die Gotiese boukuns vind ons egter weer die verheerlikte mens uitgebeeld. Daarin het die Christelike mistiek gewisselik sy hoogste vlug in klip geneem. Elke mensebeeld wat daar in nis of op pyle staan, skeep by die toeskouer die indruk dat dit 'n wese voorstel wat al hoe hoër in die bo-wêreldlike sweef.

Lateraan het die skulptuurwerk onder die hande van die skolastiek soberder voorgekom, sonder om egter iets daardeur aan menslike waardigheid te verloor. Rasiona-lisme het al hoe meer veld gewen en na gepaster uitdrukkingstyl rondgetas. Ons kan egter dwarsdeur die proses die toenemende burgersin van daardie tyd waarneem in die bouwerke wat toentertyd opgerig is.

Na die opkoms van die renaissance, het die vele Titane wat hy voortgebring het vroeg besef dat hulle onmoontlik in die eng paadjie van klassieke stylwette kon bly voortwandel. Die behoefte aan groter uitdrukkingsvryheid het gevolglik oor sy perke heen gebruik. Dan dat die vormerykdom van die Barok die hele weste berank. As blomplant het dit nog vir eeue heerlijk bevrugtdend in die lug bly hang.

Nou nog word die antiklassiekkale nagalming daarvan in die musiek van Wagner gehoor en gesien in Gericault se skilderwerk.

Maar dwarsdeur al die stadiums wat die renaissance deurgemaak het, is die mens as 'n verhewe wese en asof sittende aan die regterhand van God afgebeeld.

In die Vlaamse stad 's-Hertogenbosch het Hieronymus Bosch in 1515 'n triptiek geskilder wat een van die merkwaardigste skilderye is wat seker al ooit geskilder is. Die skilder het dit met die mooi naam van Die Tuin Van Genietinge genoem. In werklikheid word die mens uitgebeeld waar hy in die hel lê en verrot. Dié werk is in die surrealistiese trant geskilder. Dit is 'n skilderstuk wat vanweë die verskriklike en afgryflikheid wat daarin afgebeeld is alles wat deur die surrealistes tot dusver tot stand gebring het, in die skaduwee stel.

Daar word vertel dat die skildery geen nagmerriedroom is, soos surrealistiese werk kan wees nie, maar dat dit slegs sekere hoofstukke uit die Openbaring van Johannes illustreer soos deur Bybel kommentators uitgelê. Hoe dit ook al mag wees, Hieronymus Bosch verdien om die vader van surrealisme genoem te word.

Sowat 'n dekade en 'n half daarna het Pieter Breugel, senior, op die toneel verskyn. Hy het by wyle in dieselfde trant as Hieronymus Bosch geskilder. Hoewel hierdie kunstenaar 'n grootmeester was wat tereg tot die grootstes gereken kan word, kom die eenaardige gebrek aan stofaanduiding wat so 'n in die ooglopende kenmerk van die moderne styl is, reeds opvallend in sy werk voor. In sy allegorieë waarin die verminkte bedelaars op straat afgeskilder is, kan sy mensfigure net so wel outomatons, plasieke beelde of houtstompe wees vir so ver as wat dit die stofaanduiding daarvan betref.

Daaraan is dit nogmaals duidelik dat in 'n afskildering van die mens as onmens onoortuigend en van 'n minderwaardige gehalte bly al is die skilder daarvan ook kunstenaar van wêreldformaat.

Mens kan nie ontrou aan die werklikheid wees sonder om aan 'n gebrek aan oortuiging in te boet nie.

Surrealistiese kuns is in die eerste plek 'n werklikheidsontvluggende verskynsel. In ons vrees vir 'n gekompliseerde beskaafde lewenswyse met al die vele eise wat daardeur aan ons aanpassingsvermoë gestel word, wend ons ons na

die grondelementele, en verval also in 'n toestand van onvolwassenheid. As groep regresseer ons dan na die beskawingspeil van die barbaar. Daar word soos die barbaar artikels wat 'n magiese bekoring in ons oë verkry het, word aan die hart gedruk.

Daarmee val saam, ons groot belangstelling in — en liefde vir kinderkuns, asook vir die skilderwerk van krank-sinniges en selfs vir die van die sjimpansee.

Volgens Hans Sedlayer is dit 'n verskynsel wat hom eers so in die middel van die agtiende eeu kennelik as groepsdrang begin openbaar het. Klec skryf van homself en sy mede-abstrakioniste: „Ons word al hoe meer deur ons galopperende harte ‚zum Urgrund‘ gevoer!”

Oor primitiewe kuns skryf Goethe soos volg: „'n Kunsprodukt besit konstruktiewe waarde lank voordat dit begin mooi word en dan is dit tewens groter en waardevoller kuns as die wat reeds die skoonheidsstadium bereik het.” Dit is om rede van sulke uitlatings van Goethe dat surrealistiese hom as een van hulle beskou.

Plus minus vyf eeue na Breugel kom 'n ander skilder Franz Mare op „zyn steigerende blau paard,” 'n man wat deur Marsman in een van sy verse vermeld word, en verklaar dat sy haat vir uiterlike werklikhede dit vir hom moontlik maak om die abstrakte teenbeeld van elke materiele voorwerp te sien. Materie, het hy verder gesê, is iets wat surrealistiese kunstenaars op sy meeste slegs verdra maar waarvan hy die bestaan gewisselik nie erken nie . . . Geen wonder dat surrealistiese kunstenaars stofaanduidings in hulle werk vermy nie.

Sielkundig gesproke getuig 'n toevlug na simbole van 'n onvermoë om die werklike objek doelmatig te hanteer.

'n Tydgenoot van Mare, Corinth, een van die sterre van die eerste helderheid aan die surrealistiese uitspannel, skryf: „Unwirklichkeiten üben — das höchste!” — En verder: „Des Mensch ist etwas was überwunden muss!” dreun Nietzsche, die mens wat verklaar het dat hy geen mens is nie maar dinamiet!

Rondom 1770 het daar 'n meer bepaalde anti-humanistiese gees in die sosiale voortbrenghels van die mens, maar veral in die kuns, kennelik geword. Maar daar gaan byna 'n eeu om voordat woord- en beeldhoukunstenaars en skilders in groepe en op maniere en style begin skryf, beeldhou en skilder wat in stryd met die ortodokse norme van

die tyd was. Dink in hierdie verband aan die skeppinge van bv. Rainer Maria Rilke, veral sy *Malte Laurids Brigge*, aan Strindberg se *Droomspel*; die *Sewende Ring* deur Stefan George, Ezra Pound se digwerk, veral sy *Cantos*, Gerhard Hauptmann se *Florian Geyer*, Zola se *Germinal*, Paul van Ostaijen se digterlike eksperimente, Barlach se dramas maar veral sy beeldhouwerk, Edgar Allan Poe se nagmerrie fantasie, Bert Brecht se *Tamboere in die Nag*, die verse van Rimbaud, Max Klinkel met sy rooskleurige standbeeld van Beethoven, Kirchner, wat onder die invloed van inboorlingkuns geskilder het, Vincent van Gogh se skilderye met hulle kabbelende berge en tollende sonne, Hodler, Munch, Paul Cezanne, Gauguin, Käthe Kollwitz, Maholy-Nagy en verder aan die voortbrengsels van die groepe wat hulle onder die banier van die *Neue-Sachlichkeit* geskaar het, soos die *Brücke* en die *Blauer Reiter*, dink verder in die verband aan Klee, Kandinsky, Picasso, Oscar Schlemmer, Gropius, Alfred Kubin met sy spooktekeninge; Arnold Schonberg, die stigter van atonale musiek in Duitsland, Stravinsky, Ramuz en . . . maar, dis genoeg om te toon dat ortodokse kuns teenstanders gekry het met 'n gans ander beeldingwys.

Eers na die geestelike ontwrigting veroorsaak deur die eerste wêreldoorlog het abstrakte kuns amptelike erkenning en ondersteuning ontvang met die stigting van die *Bauhaus*, in Duitsland, met Walter Gropius aan die hoof daarvan met die bepaalde opdrag om 'n nuwe artistieke gewete by die publiek te skep sodat die strewe van die individuele kunstenaar aansluiting kon vind by die kollektiewe oogmerke van 'n sosialisties georiënteerde staat.

Die weg wat die nuwe beweging ingeslaan het was weg van 'n sigbare natuur in die rigting van 'n nuwe voorwerpe-wêreld wat uit die chaos kreër moes word. „Ons moet nuwe vorms kreër wat nie in die natuur voorkom nie,” het Kandinsky aangekondig. „Na die duiwel met die natuur!” het Fuessler uitgeroep. Guillaume Apollinaire: „die tyd het aangebreek om te toon dat ons baas is en om die mens en natuur heeltemal uit die kuns te weer!” Dit is dan ook wat hulle gedoen het en nou nog doen.

Vanweë die openlik verklaarde vyandige houding van die avantgardiste teenoor die mens en natuur, volg dit as 'n logiese konsekwensie dat hulle ten einde hul standpunt te probeer regverdig hulle dit nodig gevind het om alle

ortodokse instellings van watter aard ook al en alles wat aan die bestaande gevestigde samelewing eie was, en is, aan te val.

Lees wat meergenoemde Marc sê in een van sy Aforismus: „Ek het heel vroeg in my lewe begin voel dat die mens 'n lelike ding is, en het diere meer beminlik gevind. Maar selfs in diere het ek soveel leliks en afstootliks teengekome dat 'n diepe afkeur in hulle my genoep het om hulle skematies en in abstrakte vorm uit te beeld. Gaandeweg het die aarde met sy bome en blomme vir my al hoe leliker, afstootlik en morsig, geword!”

Haat en vrees misvorm alles wat die mens as haat- en vreesverwekkend, in werklikheid of in die verbeelding, beskou.

Omdat die abstrakte kunstenaar alles wat in die natuur voorkom haat en vrees, word dit deur hom tot chaos reduceer en word aan die mens 'n demoniese voorkoms gegee ten einde regverdiging vir sy houding te vind. Die lig wat dit vir ons moontlik maak om stoflike voorwerpe waar te neem, word eweens deur hom gehaat en gevrees: daarom is hy nie skilder van lig nie maar van die skemer-splinters van 'n strompelende nag.

Vir Rousel het die mensdom uit 'n swerm insekte bestaan wat deur epileptiese kontorsies gefolter word waar hul hulle op 'n donker verlatenheid wat aarde genoem word, bevind! Vir James Thomson was die aarde „a City of Dreadful Night!"; vir Elliot „a Wasteland"; Strindberg het die sienswyse van Elliot gedeel dog vir hom was die mens 'n afvalhoop op daardie verlatenheid.

Maar hoe staan surrealisme teenoor God? Die antwoord op hierdie vraag word ons verskaf deur 'n Afrikaanse digter — 'n volgeling van Elliot — in 'n vers waarin hy op onnoembare wyse, nogal in die lug van sy *noxious effluvia*, sy veragting vir God Almagtig toon.

Daar is seker in geen ander taal obsener en aanstootliker verse as dié te vind nie.

Daar word beweer dat surrealisme die waarheid dien deur die chaotiese toestand waarin ons tyd verkeer uit te beeld. Moontlik sal 'n geestelike en morele beeld van 'n persentasie van die hedendaagse mens daar uitsien soos die ontdermdede en hooflose gedrogte in klip en staal wat deur Villa, Archipenko of iemand anders voortgebring word, maar 'n brok is darem nog nie die geheelbeeld nie.

Graag sal mens wil sien dat die gewraakte misstande in herkenbare voorkoms uitgebeeld word en nie slegs in nagmerrie-simboliek nie. Omdat die beoefenaars van moderne kuns daarop aanspraak maak dat hulle die onstoflike afbeeld, moet daarvan nie afgelei word dat hulle met die immateriële die ewige en onsigbare orde bedoel nie, want die bestaan van so iets word deur hulle negeer. Al wat hulle raaksien is die ewige dinge wat uit verband geruk is, chaos. Nietzsche sê: „'n Kunstenaar is in dieselfde mate groot as wat hy sy baasskap oor die chaotiese kan toon.” 'n Ware kunswerk word herken aan die mate wat 'n kosmiese orde daarin voorkom. Bowendien hoef waaragtige kuns nie aan die tyd waarin dit voorkom, gebonde te wees nie. Goethe sê: „Dit is net die kunstenaar van middelmatige talent wat die slaaf van sy tyd is!”

Kuns is tydloos en besing God en Sy skepping: Dit word sekerlik nie in die abstrakte kuns van ons tyd gedoen nie.

Simfonie

*In die begin van Ewigheid
 het God
die tone vir
 Sy Meester-simfonie gestem.
En, vir Sy Hof-Orkes se fluit,
die trillings van
 ons siele saamgetem
 in één dun riet.*

*Eers toe hul vry
herbeef het, onder asem van Sy Mond,
 het die volume van hul lied
die sagte hout laat kraak.
 En God
het — om die klankgolf in te perk —
 'n tweeriet-fluit van ons gemaak.
Hy was tevrede met Sy Werk.*

*Ons is geskei;
die Dirigent
 het jou-en-my
aan ons betrokke Speler toebedeel.
 Die instrument
 is moegbespeel
in voorbereiding vir die Tydskonsert.*

*Ek sien: die swaar Gordyn skuif oop;
viole tril die fyn Allegro uit,
 (die saal — in halwe-lig gedoop —
 is volgepak met kritici)
die somber tweede melodie
is vir die basviool en fluit:
 Fagot en tjello dreun eers diep,
tot horing en tromboon verfrissing bring.
Dan — skertsen-lig — die piccolo se gepiep
wat bo die dowwe bastoon sing.*

*En — eindelijk — blaas die tweeriet-fluit
sy lyntjie note vrolik uit.
Hoor! in dié klank wat lag en ween
smelt riet en riet weer — vreemd — ineen.*

Die tema swel majestueus
 en vul die skemer saal se verste perk:
Die honderd tone word — in enkel lied
van sege — oor die duister uitgegiet.

Die kritikus se klag verhees;
 die Meester is tevrede met Sy Werk.

SIEL OF REDE ?

Hoe naasby-nakend
 — o! my siel,
Hoe vlees-vertengerd kom jy voor
 my kniel
om jou gebede
 uit te huiwer in my oor.

Hoe het my Rede
 jou geransel! Welke lat
het hy hanteer wat sulke letsels laat?
En hóé kon hy met hierdie harde haat
jou hoof be-hou en bloed benat?

Ellendig
 — o! my siel,
 ellendig jy
en veelverniel.
 — Kom jy na mý?
 Kom jy nog voor
 my kniel?
Hoop jy — helaas! — om hiér verhoor
 te vind:
Hiér waar Verstand die Oor
verdoof, die Oog verblind?
(Stil Satan!)
 — o! my siel,
 kan jy nie hoor
hoe hyg my hart,
 hiér half-versmoor?
Ek smeeek jou: knoop
 die stryd weer aan,
tot — èndelik — jou hoop
vervul word, en, lourierkrans aan
jou gruwelik-gewonde hoof gehang,
(oorwinning as 'n teentroos vir jou smart)
 jy hierdie bang
 en half-gestorwe hart
 kan kom bevry.

Dán waarlik salig
— o! my siel,
dán salig Jy.

KOM ONS VERGEET

*Kom ons ontvlug na 'n Switserse groenland,
sweef met 'n kabel die bergpieke in;
slenter die dag om in doellose niksdoen:
Wag vir geen einde en ken geen begin.*

*Kom ons oorlaai ons met Entzian en Alproos,
pluk van die Edelweis sonder verlof,
lag vir die koffiebriin koeie se passies
as hul lomppotig die helling afplof.*

*Kom ons eet toebroodjies onder die hemel
(sonder 'n hoed om die son af te keer)
Strek ons dan uit in die weeldrige lower,
Slaap en vergeet van
ag, — slaap, en niks meer!*

O DWAAS

*O dwaas, verwelkte stokroosstam,
wat soek jy hiér?
(Veeleerder kon jy met jou kleur
my tuin versier.)
Jou Songod: Hy wat Lewe oor
jou-bleek-verhonger-d-rooi kon straal,
sprei nooit tot hiér,
in hierdie skaduweemoeras,
Sy heilige lumier?*

*„Die blaredak bied skuiling teen
die reën en stormwind.”*

Dis waar.

*Maar, arm soos ek jou hier vind
aan lewensstof, kán dit jou nie betaal
om — stormvry — jou Voedsel te ontvlug.
„En jy? Jóú lewe sien verkrimp
daar uit!”*

Dis waar.

*As ek jou dwaas noem
is dit self-verwyf.*

STER

*En ek kyk na die ster
in die skoot van die nag,
waar hy — liggene ver —
(onbewus van sy prag)
met reikhalsing die koms
van die Volheid verwag:
Soos ons mense ook — soms—
daarna hunkerend smag.*

LAETITIAM PETO

- DEURWAGTER: *En ja? Wie soek u dan, Meneer,
in hierdie on-vroeg uur?*
- BESOEKER: *Verskoon, Meneer, dis laat, maar vroeg
vandag wás ek reeds hier —
heel dikwels: selfs 'n tweede, derde keer.*
- DEURWAGTER: *En, as u aangeklop het, het
die deur tog oopgegaan?*
- BESOEKER: *Nee — vreemd, Meneer — onopgelet
moes ek hier buite staan.*
- DEURWAGTER: *Dit spyt my. Wél, wie soek u dan
so skynbaar sonder end?*
- BESOEKER: *Haar naam — Laetitia — glo ek
is by u goed bekend?*
- DEURWAGTER: *Dit spyt my weereens, géén Persoon
met dié naam gaan hier tuis.*
- BESOEKER: *Onmoontlik! Ál my inligting
verwys na hierdie huis.*
- DEURWAGTER (tersyde):
*(Jou dwaas! Twee — driemaal wou
ek jou die Wysheid toon
deur albei poorte dig te hou.
Hardnekkig het jy volgehou
en aangedring om in te kom,
My raad: . . . (maar ag, jy is té dom!)
Meneer, dink ná, dit is miskien
'n Ander Een wat u wil sien?*
- BESOEKER: *U woord is vreemd. Onrédelik
is my versoek tog nie?*
- DEURWAGTER: *Nouja Meneer, òngretiglik
voldoen ek dit vir u.
Met voorbehoud: die gang is lank,
die trap gevaarlik steil:
Kom in en vind haar self. Ek wens
u (stomperd!) alle heil!*

KWATRYNE:

'N DEEL

*Ek groet jou skuins
en stap verby.
Tog laat ek jou
'n deel van my!*

BERUSTING?

*O, wáárou
Kan ek nie berus
Dáárin
dat jy nie myne is?*

LANGS DÍE PAD

*Êrens langs dié sorgloos pad
het ek my hart verloor . . . ?
En, noudat als vergete is,
koin soek ek weer daarvoor.*

JY WAT JOU HART VERLOOR

*Sal jy — jý wat die pyn van té
veel liefde ken —
sal jy ooit wéér verloor wat jy nie
kan herwen?*

LAAFNIS

*Jy is my aand se brokkie brood,
waarna ek sinag
terwyl die Dag
my gulsig leegkrap inet sy poot.*

ABR. FOUCHÉ :

Erfenis

*Toevallig het ons
weer 'n keer ontmoet.
„En dit is my seun,”
sê sy toe ons groet.*

*In haar abeelgroen oë
was geen verwyf;
daarin was geen skadu
gegooi deur die tyd.*

*„En dit is my seun,”
sê sy skaam-bewoë,
oor die herontmoeting
opgetoë.*

*Ek kyk van die moeder
na die seun wat daar staan
en my dagboek word
agter-toe oopgeslaan.*

*„En dit is my seun,”
sê sy skaam-bewoë.
„Vergewe my,” stotter ek
van verwardheid hees.*

*„Regverdig die Regter
wat dit laat wees,”
stotter ek uit van
verwardheid hees.*

*„Dat die sonde mens volg
in die stem van die wind,
sy oë geërf word
deur sy kind!”*

DORRE BLARE

*Daar's min wat my so droewig stem
soos dorre blare in die wind
met nêrens waaraan vas te klem
of wat verloor is terug te vind!*

*Ek kyk die maling agterna
van dorre blare in die wind
totdat hul om die hoek gedra
my oë hul nie meer kan vind!*

*Dan kom 'n melankolie oor
my swaar soos donker oor die maan:
ek is maar ook 'n dorre blaar
in elke storm wat teen my slaan!*

KOM, LAAT ONS GROET

*Kom, laat ons groet: die dag is om,
die pas so warme westergloed
is nou 'n bleke guttegom.
Kom, laat ons groet!*

*Dis donker: o, dat dit so moet,
dat ons die liefde en die son
se kom en gaan nie kan verhoed!*

*Maar dat ons nag nou só moes kom,
ons liefdes-ster onkeerbaar spoed.
Hart van my hart, deur smart verstom:
Kom laat ons groet!*

Die toepassing van die Dimensie-teorie op enkele van W. A. de Klerk se Dramas

In sy artikel: *Kleur in Perspektief* (*Tydskrif vir Letterkunde*, September 1958) gee De Klerk 'n algemene uiteensetting van die dimensie-teorie en gebruik dit dan as norm by sy benadering van die Bruin- en Swartmens in ons prosakuns. Maar in die *Inleiding* by die *Jaar van die Vuur-os* spits hy dit spesifiek toe op die drama.

Die skrywer beweer dat die drama-verhaal soos in die handeling voorgestel, tot die gehoor op meer as een vlak, in meer as een dimensie kan spreek. Die eerste dimensie word gekenmerk deur knap vakmanskap, sonder meer, wat natuurlik nog geen kuns is nie. Op hierdie vlak kry ons die klug; ontaard dit in 'n spanningstuk — 'n melodrama.

Maar die skrywer kan na 'n tweede dimensie verskuif waar die verhaal gaan oor gewone mense met hulle gebreke, goeie eienskappe, met hulle lief en leed. Of daar nou iets lagwekkends insteek of al dan nie, maak geen saak nie. Op hierdie vlak val die blyspel wat letterkundig moontlik is.

Aan die ander kant kan die dramaturg sy mense teen die agtergrond van 'n maatskaplike probleem sien beweeg waarin hulle gewikkeld raak. Hier beweeg die skrywer op die derde vlak wat ook nog nie kuns in die ware sin van die woord is nie; die dramaturg steek sy reddende hand uit en wil die probleem vir sy karakters oplos.

Ware kuns is geen politieke brosjure nie; dit soek geen oplossing vir sy probleemstelle nie. Die skrywer is slegs die fyn instrument wat die erns en intensiteit van so 'n stryd registreer wat hy in sy karakters konsipieer. Nie presies soos hy dit sien nie, maar liewers soos God dit self sien. Hier staan die mens omring deur mistieke magte; alleen en magtelos in sy mikrokosmos. Hy spartel om hom los te woel uit die magiese labirint waarin hy hom bevind, maar in al sy pogings skiet hy tekort;

gevolglik gaan hy onder in die stryd. Hier beweeg die skrywer in die vierde dimensie waar die groot kuns lê nl. die tragedie.

Ware kuns laat hom nie in geometriese dimensies of vlakke afbaken nie; daar sal altyd kruisings tussen die grenslyne wees. Die groot tragedies van Vondel en Shakespeare word juis gekenmerk deur ligskakerings wat deur die tragiese prisma breek om momenteel verligting te bring en die donkerwordende stuk waarin die kragte van die held tot in sy finale ondergang gesloop word.

Dit was natuurlik nie De Klerk se bedoeling om so 'n isolement te konstateer nie; daarom sê hy in die bogenoemde *Inleiding* dat dit uit die studie van die stuk (*Die Jaar van die Vuur-os*) sal blyk dat dit op meer as een vlak beweeg. Ek meen dat die skrywer se doel was om op 'n doeltreffende wyse die grensbepalings tussen die dramatiese begrippe vas te lê.

Ek is natuurlik geen literêre *weerprofeet* nie, maar ek meen tog dat, indien De Klerk iets van werklike groot formaat gaan lewer, dit uiteindelik in die vierde dimensie gevind en gepluk gaan word. Die trant van sy ernstige stukke toon die tragiese wat in die geslotenheid van die ego lê om ware kontak met sy medemens te maak, veral in die huwelikslewe wat 'n kenmerkende tema in sy werke is. Miskien kan dit beter en duideliker gestel word in die woorde van die Generaal:

. . . *Maar die ongeluk is dat ons mekaar nie begryp nie, Em. Elkeen klou maar naarstiglik vas aan sy stukkie waarheid en verbeel hom dis die AL . . . Dis die menslike las, Em, ons bly so geslote vir mekaar.*
(*Die Jaar van die Vuur-os*, bl. 70.)

Hierdie neiging tot die vierde dimensie-tema vind sy neerslag in De Klerk se eerste drama: *Uit die Goeie Aarde* (1942). Vir Emile, 'n jong student aan 'n universiteit, was die lewe nog nooit iets anders as 'n bittere stryd teen die onverbiddelike samelewing nie; 'n samelewing wat geen genade ken of vra nie. Dit het hom veel ryper gemaak as die gewone student in sy ouderdomsgroep. Hy is met 'n byna bomenslike ywer besield, want as hy 'n mislukking van die lewe maak, sal dit nie meer vir hom die moeite werd wees nie . . . Maar hierdie jag op sukses het van hom 'n geslote persoonlikheid gemaak: Hy verwaarloos sy noointjie Nonnie en vervreem sy vriend

Pen van hom; hy kyk vas in homself en kan nie verder sien nie. Hy veronagsaam die goeie raad van sy professor, en as mislukking hom in die oë staar, maak hy hom skuldig aan 'n vergryp. As hy ontdek word, probeer hy selfmoord pleeg. As hy uit hierdie benarde posisie gered word, besef hy dat sy idealisme niks anders as egotisme was nie wat moes sterf om uit die goeie aarde soos 'n mosterdsaadjie te ontkiem en te groei waarin die goeie lewe die self moet oortref.

Die drama het sy betekenis. Teen die bewering dat die karakters te karikaturaal geteken is, sou ek graag 'n vraagteken plaas. Nonnie is 'n tipiese eenmansnood; daarom is sy so hondgetrou aan Emile; al gee hy haar nie die nodige liefde wat sy as vrou verwag nie. 'n Mens verstaan die soort karakter nie altyd nie, want *haar siel is soos die nuwe maan waarvan 'n mens net 'n deeltjie sien*. Ek wil amper met sekerheid beweer dat W. A. de Klerk 'n spesifieke nood in gedagte gehad het toe hy die stuk geskryf het. Aan die ander kant is Emile 'n introvert wat maklik sielkundig ontwrig kan raak. Verder is die bou van die stuk goed en die handeling lewendig. Dit is soos dr. Bosman sê: *'n Stuk waarin die onderwerp nie doodgepraat of doodgeredeneer word nie*. (Ons Eie Boek, Jaargang IX: No. 2).

Wat myns insiens meer as iets anders die allooi van die stuk skaad, is Pen se ewige brassery op die verhoog wat nog nooit 'n ander uitwerking op 'n gehoor gehad het as lagwekkendheid nie. So iets versteur die atmosfeer van so 'n ernstige stuk. Dis geen ligskakering nie, maar 'n absurditeit. Verder is daar die selfmoord-episode wat melodramaties is en nie in 'n goeie stuk gedooë word nie. Dis hierdie effekbejag wat *Uit die Goeie Aarde* tot 'n eerste dimensie stuk laat vervlak. Hoe dit sy; dis maar die gewone groeipyne van 'n eersteling.

Na hierdie lang drama waag De Klerk hom op die terrein van die eenbedryf. In 1945 verskyn sy verrassend en veel ryper werk nl. *Die Drie Vroue* wat die skrywer nie slegs sy voet stewig in die stiebeuel op die derde vlak laat kry nie, maar die werk word ook isoklinies met die vierde dimensie verbind. In my benadering tot hierdie werk steek ek af op die tweede uitgawe wat, soos die skrywer ons dit meedeel, in baie opsigte 'n herskepping van die eerste uitgawe is.

Daar is seker nie 'n Afrikaanse dramaturg wat 'n dieper insig in die vrouesiel het as W. A. de Klerk nie. Hy ken die vrou nie slegs as 'n halwe, maar as 'n volmaan: sy die clairvoyante, met haar byna röntgenöe; sy die Delila met die skêr in die voue van haar kleed. Maar hy ken ook die vrou met haar byna bomenslike hondgetrouheid wat alles op die altaar ter wille van die liefde sal lê. Dis in *De Klerk* se dramas waar die vrou vir ons begin mens word, en dit veral in sy kort eenbedrywe.

Alhoewel die stukke in *Die Drie Vroue* aparte eenbedrywe is, word hulle nogtans saamgesnoer deur die vrou as skakel. In *Die Jammer Hart* kry ons Else de Wet wat alles veil het ter wille van haar huweliksgeluk. Deur middel van 'n inspuiting help sy haar cerebraal-verlamde kind pynloos die lewe uit. Daarna gaan sy haar aan die gereg oorlewer, met dié wete dat sy oorwinnaar oor haarself is en die vinder van die lewe wat nooit vergaan nie.

Soos ek die stuk lees is hierdie optrede van Else nie soseer om die lyding van haar kind nie, as om haar gelukkige huwelik wat op die spel is. Sy is die vrou met die skerp intuïsie, met die byna röntgenöe wat die vrees om die werklikheid vierkantig in die oë te staar, lankal in die siel van haar man geles het, nog voordat hy die bekentenis aan dr. Mckenzie maak:

Ek dink dit sou beter gewees het as Olaf gesterf het . . .

Het ons hom tog maar liever hospitaal toe gestuur . . .

Else is die tragiese introvert wat op eie inisiatief oorgaan tot die daad met die wete; al verstaan die mens haar nie, dan wel die koue letter van die wet.

Behalwe die lang uitgerekte eksposisie sit die stuk goed inmekaar; die handeling is lewendig en die dialoog warm uit die mond.

In *Die Volmaakte Huwelik* kry ons Leda van Wering se liberalistiese uitkyk op die huwelikslewe. Vir haar is eerlikheid en die afwesigheid van sentimentele en romantiese onsin, die grondslag van die moderne huwelik. Hipoteties kan dit net so maklik ontbind word as enig ander iets, maar as sy uitvind dat daar 'n ander vroumens in die saak betrokke is, is daar by haar 'n frontverandering. Sy besluit om haar ongeboore kind te behou en daardeur op die ou ortodokse wyse haar man te bind. Globaal gesproke staan hierdie stuk nader aan die vierde dimen-

sionele vlak as die eerste. Waar dit die perspektief en geesteswaarde van die huwelik geld, is dit miskien onoor-troffe in Afrikaans. Maar bo alles gee De Klerk in die stuk slegs 'n tydelike oplossing vir die probleem; die tragiese lê nog opgesluit wat in die toekoms gaan gebeur wat nie in die drama vermeld word nie. Sy is soos die skrywer sê: *die wenner van die wêreld met sy soet geluk wat eendag bitter sal word*. Met ander woorde dit gaan op die lange duur nie net haar en haar man geld nie, maar ook hulle kind.

Van die drie stukke word die vierde dimensie-teorie die sterkste in die laaste *Ontvlugting* geopenbaar. Hierin tree Gerda Anders op wie se huwelikslewe dreig om ver-ydel te word deur kinderloosheid en haar man se belang-stelling in haar *vrugbare* suster. Gerda soek ontvlugting in die idee-fixe: sy verbeel haar dat sy haar gestorwe kind terug in haar arms vashou, tot ontsteltenis van haar man Eitel en haar suster Louise. Gerda neurie saggies 'n slaapliedjie terwyl sy prewel: *Nou slaap hy . . . so soet*. Gerda gaan hierdeur onder in die stryd: sy verloor beide die wêreld en ook haar gees. Hierdie tragiese ontknoping word dwarsdeur die stuk goed gemotiveer, maar nie sterk genoeg voorgestel nie, wat natuurlik ook nie moontlik in so 'n kort eenbedryf is nie.

Na hierdie belangrike bundel eenbedrywe het daar 'n paar los kortspele verskyn bv. *Die End van die Reënboog* (1945 in die *Jaarboek* van die Skrywerskring) wat later in 1953 in De Klerk se drietal eenbedrywe *Adam en Eva* ingesluit is. Dis 'n minder geslaagde huwelikstragedie wat die verbystering van 'n vader weergee nadat hy van sy vrou geskei is: sy jongste dogter word in 'n motor-ongeluk gedood en sy oudste verlaat die huis onder krasse beskuldigings, maar van die eintlike tragiese figuur nl. die vader, weet ons bloedweinig af. *Pilatus* kry ons in die versamelbundel *Ses Eenbedrywe*, 'n stuk wat ons maar gerus buite berekening kan laat. Die tragiese botsing tussen reg en onreg wat hom in die siel van Pilatus moes afgespeel het by die veroordeling van Christus, word slegs liggies gesuggereer.

In die *Jaarboek* van die Skrywerskring 1946 verskyn *Hellensee* wat vollediger in 'n driebedryfdrama *Hellersee* in 1947 verskyn het. Hier kry ons 'n styging in De Klerk se toneelwerk. In die drama is Tonia die mens met 'n

magsdrif wie se egoïstiese idealisme haar tot haar ondergang voer. Natuurlik, die vierde dimensionele teorie kan slegs in 'n lang drama uitgebou word. Dis die sameloop van 'n reeks gebeurtenisse wat die tragiese held geleidelik tot sy ondergang voer. So iets is in die eenbedryf wat slegs een moment in die lewens van sy karakters gee, nie moontlik nie.

Tonia het heelwat gemeen met Emile (*Uit die Goeie Aarde*) omdat sy uit 'n arm familie kom, wil sy dit deur haar idealistiese strewe vergoed. Sy verafsku swakheid en bewonder slegs krag, lewensintensiteit en hoë strewe wat haar veral in botsing bring met haar man. Deur 'n ongeluk te perd word sy in haar onderlyf verlam. Organies genees sy, maar sy bly neuroties verlam. Sy beland haar in 'n situasie waarin sy haar skuldig beskou aan die vermeende dood van haar vriendin Mercia. Haar egoïsme verander nou in selfbejammering wanneer sy die sondigheid en kleinlikheid in haarself ontdek. Dit lei tot haar tragiese ondergang: sy gaan haar verdink in die Hellerie.

Sover kan ons *Hellerie* beskou as De Klerk se sterkste vierde dimensionale drama. Psigiologies sit die stuk goed inmekaar. Vir die sielkundig-ontwrigte Tonia was daar seker moeilik 'n ander uitweg. Maar omdat sy ook psigopatologies en so onverdraagsaam is, besit ons nie die nodige medelye wat haar as 'n tragiese heldin toekom nie.

Verder is daar uit die bundel *Drie Dramas: Die Verterende Vuur* wat handel oor dr. Semmelweis se verbete stryd teen kraambedkoors. Dis 'n stuk wat ons sterk onder die verterende vuur van toewyding bring. Die tragiek moet ons nie soseer in die stuk self soek nie as in die moontlike gegewens wat buite die stuk te vind is. Daar is heel waarskynlik dr. Semmelweis se eie kwellings dat hy self verantwoordelik was vir die nood van verwagte moeders, maar die volle omvang van dr. Semmelweis se menslikheid word nie sielkundig diep genoeg gepeil nie; daarom is dit nie so 'n sterk vierde dimensie-stuk as *Hellerie* nie.

Na *Drie Dramas* het daar nog 'n paar los stukke verskyn toe *Vlamme oor la Roché* (1051) sy verskyning maak. Hier beweeg die stuk sterk op die vierde dimensie-vlak. Oor die plaas hang daar 'n sterk noodlotsdwang wat drie persone die verdoemenis insleep: Louwrens, die derde party, en Christine, die eggenote, saam met Hannes, die

eggenoot. Ten slotte staan huis en plaas in ligte laaie, simbolies van die hartstogte wat op die altaar van die lewe uitbrand. So gaan plaas en sy inwoners onvermydelik onder soos in 'n Griekse tragedie. En tog het die stuk ons in ons hoë verwagtings teleurgestel.

Om te sê dat die stuk onder ons beste dramatiese stukke tel, is seker nie genoeg nie. Teen hierdie tyd het 'n mens darem verwag om 'n dramaturg van De Klerk se kaliber met 'n strenger maatstaf te meet. Naas die meesters van die verhoog steek *Vlamme oor la Roché* maar karig af. Die karakters is nog nie sterk-omlynde figure nie; hulle is nog te veel die spreekbuis van die skrywer self. Louwrens van Aardt met sy bitsige aanmerkings is nog te opsetlik die teenhanger van Hannes. In die algemeen staan die karakters nie uit as selfstandige individue met 'n eie-ek nie, maar hulle is nog te veel die spreekbuis van De Klerk self. Die rapsies filosofie waarvan Christine en Van Aardt ontslae raak, is myns insiens te veel à la De Klerk. Die karakters besit nie dardie grootsheid wat 'n mens in tragiese helde soek nie. Verder is die laaste toneel te melodramaties, te spektakelagtig wat die allooi van die stuk bederf.

Tog bly die konsepsie van die stuk mooi, aantreklik, ek wil amper sê groots. Mooi beweeg die nietige mensies teen die agtergrond van die brandende vlamme op La Roché. Daar is vlamme binne en buite die mens; as sy eie vlam hom nie verteer nie, beweeg hy in die rigting van die vlamme oor La Roché. Maar die feit bly soos 'n paal bo water staan: die vrees en jammerte wat kenmerkend van 'n grootse tragedie is, ontbreek nog te veel in die stuk. Hoe dit sy; dis myns insiens 'n stuk wat liewers tui shoort op die vierde dimensie — as op enige ander vlak. Die stuk verdien ernstige studie; De Klerk het nog verreweg nie sy beste gelewer nie.

Ten spyte van dr. Rob Antonissen se kritiek oor *Die Jaar van die Vuur-os* (1952) (Ons Eie Boek, Jaargang XVIII, Nommer Vier) is dit myns insiens 'n duidelike hoogtepunt in De Klerk se dramatiese kuns en die beste stuk wat hy nog op die vierde dimensie-vlak gelewer het. Hierin het die skrywer baie van sy onnodige ballas ontslae geraak bv. sy lang stukke dialoog wat die handeling alte dikwels laat sleep het, en veral, staan hy objektief teenoor sy stof. Die werk is 'n ernstige stuk om 'n

aktuele probleem opgebou; eintlik 'n saamgestelde een. Daar is die verhouding tussen swartman en blanke wat vandag deur agitators uitgebuit word; die onderlinge toestand tussen Engels- en Afrikaanssprekendes. Hierdie twee probleme word dan saamgebind in 'n wyer kader nl. in die onmag van die een mens om die ander ten volle te begryp m.a.w. ons bly vir ons medemens geslote, en dis juis hier waar die tragiese sy verskyning in ons menswees sy verskyning maak.

Wat hierdie drama so sterk 'n vierde dimensie-stuk maak, is die feit dat De Klerk geen oplossing vir sy probleemstelling gee nie.

Ons weet dat die oplossing moeilik gaan wees en ook opoffering van ons sal verg. Die mens staan alleen omring deur mistieke magte wat sy saligheid moet probeer verwerf waarin hy jammerlik te kort skiet wat kenmerkend van 'n tragedie is. In die stuk het ons te make met mense van hoë ideale, maar met 'n beperkte siening bv. die Generaal. Daar is die onvermoë van die mens om hom aan te pas by die veranderde omstandighede met sy tragiese gevolge sodat die onskuldiges saam met die skuldiges moet ly. Daar is bv. die posisie soos dié van Emma, haar kinders, Martin en selfs die arme Twansiep. Aan die slot is die Generaal gebroke, maar nie sonder hoop nie. Sy woorde aan Martin is:

*Miskien moet ons maar weer 'n slag opsaal, jong . . .
Wie weet, dalk is daar nog vir ons 'n plekkie oor — in die
Wyngaard van die Here.*

Die handeling kom miskien dikwels geforseerd voor en die stof word nie deurgaans oortuigend omgeskep nie, maar dis bepaald 'n stuk wat De Klerk se potensieële moontlikhede een die dag lê.

In 1955 verskyn *Die Twisappel*. De Klerk noem dit 'n blyspel, en tog is daar in die stuk ook sterk 'n vierde dimensie-neerslag. Die tema is die rustige plattelandse lewe wat ingeskakel raak in die nywerheids- en sakepatroon. Die idealis wat vandag nog wil boer, moet besef dat hy 'n ingewikkelder stryd sal moet aanknoop. Hy kry so maklik 'n knou as die geleentheid hom voordoen om deel te hê in die materiële voorspoed van die sakewêreld. As die legendariese appel vir Paul Verster hierdie geleentheid bied, is hy nie bestand teen die eise wat so 'n voorspoed aan hom stel nie.

Ten slotte wil ek De Klerk verwys na sy eie woorde. Hy pleit vir die kreatiewe skrywer wat die kleur- en rasseverhouding esteties op 'n hoër vlak sal behandel, nl. die vierde dimensie. Dit kan die kunstenaar slegs regkry as hy hom onttrek, eerlik en krities na homself kyk, veral na die taak wat hy hom gestel het. Ons letterkunde kan slegs groei as ons reik en strewe na die vierde dimensie; *dan sal die begenadigde kunstenaar ook ons eendag ons spesiale vraagstuk laat sien* (ek sluit hier alle vraagstukke in) — *soos God dit self sien.* (*Tydskrif vir Letterkunde*, September 1958).

H. v. E. :

Berghaan

*Duikdood van die ooptes,
ry hy die windplafon
en boor die bloutes oop.
Pluim en spier ineengeknoop
klief óp, óp in die son.*

*Hy kelk
die hemel in sy kyk;
spot die vlugste koeël.
Hy stort
en swiep die dieptes af;
Duikdood van die ooptes!*

B. LE ROUX :

Die Brandwag

*Op die hoogste kruin van Umbulwaan
in die dowwe lig van die sekelmaan,
gespanne in elke spier sit op hierdie uur,
perd en ruiter met God se swawelvuur.*

*Uit die kraag van sy verweerde kakiejas,
twee oë wat skerp deur die duister tas;
elke struik 'n wag-'n-bietjie-bos
en die Suiderkruis 'n giftige tros.*

*Die seeppot se deksel is omgewoel;
venyn en haat die angel van die gevoel;
daar's gif in die potte van Caesarskamp,
op vriend en vyand 'n vuurdoop . . . 'n ramp.*

*„Uit watter oord vir ons die lood, ou Poon,
ons wat niemand haat nog hoon?
Ons velle is mos almal wit;
dis maar hoe ver ons van God se rooi oog sit.”*

*„Ek en jy is maar soos hulle, ou Poon;
mouser, lemetfort 'n geringe loon.
„Jy mag nie doodslaan nie,” dis Sy gebod;
dog ons is hier op die bevel van God.”*

*„Is die hele spul die moeite werd?
Vir my en jou die vyand 'n vlugtende hert.
Waar is daardie naaste liefde dan:
die nee-sê soos dié van 'n man?”*

*Agter elke bos en doloriet
skuil die nasmaak van 'n swart verdriet.*

*Argetynse en malmiere veg
elkeen (soos hy dink) vir sy eie reg.*

*Het hy iets hoor roer in bos en gras?
Hy vat ou Poon se teuels stywer vas;
blitsvinnig die geweer gelig,
bewend op die rooi kol gerig.*

*Tragies laat hy die mouser sak:
dis waan wat sy oorspanne wese pak.
Hy is ook maar een: 'n swart kraai
wat krysend oor 'n karkas sirkel-draai.*

*Skiet die strale uit die goue pot,
weet hy gewis dat ook sy God
selfs die wag-'n-bietjie-bossie roer,
en deur almal en alles die brandwag voer.*

LANGSTERTVINK

Ps. 34 : 19

*Op die kruispad alleen;
stofwolkies rookseil
oor die aarde heen.
Deur die oorryp wintergras
sleep die wind se skelsug
tot daar ver . . . ver oor
die bult se boggelrug.*

*Die dag se laaste skerwe
kantel oor die skulpgeklekte lem
van die Drakensburg se nerwe*

*Windswaels bibber-sweef
teen die sweepslae van die wind,
en dan — 'n spieswerp deur die lug
na 'n plek wat êrens skakelbind.*

*In die diep-diep donker water
flonker nog die aand- en môrester.*

*Kyk na die ooste, weldra
'n brokaat op 'n langstertvink se vlerk.*

VIOOLTJIE

*Daar het hy gelê, 'n pers vlek,
byna deur dorre blare toegedek
toe God oorhaastiglik moes skryf: Die Nuwe Republiek,
het 'n druppel uit sy pen gelek.*

Die Sirkel

Kersfees was altyd dieselfde, sover hy kan onthou. Pa, en Ma, toe sý nog gelewe het, het altyd maande voor die tyd begin praat oor die groot dag wanneer die hele familie bymekaar sal wees. Presente is gekoop en met die grootste sorg weggebêre. En wanneer Kersfees kom, was almal in één huis vergader. Daar is kerk toe gegaan, presente gegee, geëet en gedrink.

Dit was jare gelede. Toe is sy Pa ook een nag skielik oorlede. Maar Oupa, met sy tagtig sterk somers agter die rug, het gesorg dat die familietradisie in ere gehou word.

Daar was altyd iets weemoedigs in die atmosfeer van 'n Kersdag. Vir hom altans. Oupa met sy groot dominerende figuur, het altyd aan die hoof van die tafel gesit, asof hy wou vasgryp aan die toekoms, en die verlede saam met hom wou dra. En die Kersdag het daarmee altyd 'n dieper betekenis gekry.

Vanmôre is hy nie saam met die nader kerk toe nie. Hy kon nie. Die stilte van Elsie se tuin het hom geroep. Oupa het skeef opgekyk.

„En hoekom nie, Paul?” wou hy subiet weet. „Wat se nuwe, heidense gewoonte is dit dié?”

Daar was nie 'n antwoord nie. 'n Halwe mens antwoord nie meer nie. Hy wil net weet waarom hy leef, dis al.

„Ek hou nie van die aantrekkery nie, Oupa,” was sy flou verweer. „Met die een been is die aantrekkery ook sommer net 'n las.”

„Al is dit nou ook honderd-en-tien maal,” het Oupa sy geliefde uitdrukking kwytergelaak, maar dit dáárgelaat. En Paul was bly, diep in bewus daarvan dat Oupa verstaan.

Vanmôre toe hy die presente oopmaak, was daar verwagting in hom. Dit was of die gestorwe verlede met sy vlamme hede geword het en 'n nuwe droom inspireer. Daar was 'n boek oor die moderne filosofie van Elsie en Stoffel, „om die ledige ure te vul,” en 'n dagboek van Dolf en Anna, „om al die verhewe gedagtes neer te skryf”.

Gedagtes! Daar was 'n opstandige bitterheid in hom, 'n drang om die boeke roekeloos te vertrap. Maar Oupa se onverwagte present het hom laat glimlag. Dit was 'n pyp. Oupa weet hy rook nie. „Dis hoogtyd dat 'n uitgevete lummel soos jy leer rook,” het Oupa later lakoniek verduidelik.

Maar die onrus van sy onterfde lewe het by hom gebly, en later, toe almal regmaak vir die erediens, het hy stil na buite gegaan. Die oggendwind het in die tuin geroer en met sy verwelkte gedagtes gespeel.

„Ek moet leer om te aanvaar,” het hy gedink, en in die bome was dit of die voëls dit herhaal, „Ek moet leer om met myself te leef . . . ek moet leer om my eie doelloosheid te vergeet . . . ek moet leer . . . leer . . . leer!

„Alweer Kersfees,” sê Dolf skielik hier langs hom, asof dit 'n geheim is.

Hy kyk om, sien die glimlag van sy jonger broer.

„Ja,” knik hy.

Dolf slaan hom tussen die blaaië dat hy hik.

„En wat het jy die hele môre met jouself aangevang?” wil hy weet.

„Gedink.”

„As jy so aanhou, sal jy 'n denker word,” meen Dolf en lag vir sy eie grap.

Paul probeer glimlag. Dolf het die lewensblyheid van 'n kind. Mens word gedwing om na hom te luister. Hy het nie probleme nie, en oortuig jou dat jy ook sonder sorg is.

Die gedagtes laat hom huiwer. Hy was ook so, lank gelede. Ook hý het bó die hede geleef, in 'n probleemlose wêreld, waar alles drome is. Maar dit het verbygegaan soos gister en eergister.

„Ek sê, Paul,” klink Dolf se stem, „kom ons gaan 'n entjie loop, jong. My litte is styf van al die sit in die kerk. Dominee het vanmôre weer een van sy worspreke gehad.”

Paul kyk selfbewus na sy broer. „Jy weet ek kan nie verloop nie,” sê hy kortaf. „Ek is net in die pad. Vra Stoffel om saam te gaan.”

Maar Dolf verroer nie, en hulle bly staan in die vertroostende skaduwee van 'n vyeboom, selfbewus, asof die een die ander met sy teenwoordigheid skuldig laat voel.

„Het jy al besluit wat jy gaan doen?” vra Dolf terloops.

Hy skud sy hoof. Wat kán hy doen? Hoe kan 'n halwe

mens leef en streef in 'n wêreld waar vol mense regeer?
Wat nie tyd het vir sieklikes nie?

„Oupa sê jy praat van skryfwerk doen.”

Hy glimlag. „Waaroor kan ek skryf?” vra hy lighartig.

„Die wyn, die vrou en die lied,” skater Dolf. „Dis mos die goed waarsonder ons nie kan klaarkom nie.”

En terwyl Dolf lag, weet hy hoe leeg hy is, hoe ver van die werklikheid hy leef.

* * * * *

Half-een roep Elsie na hulle.

„Tyd vir weiding,” lag Dolf. „Kom, Broer.”

Paul sukkel om die kruk onder sy arm te kry en Dolf sit handjie by.

„Komaan, hinke-pinke, die wêreld wag nie vir jou nie!”

Dit is maar Dolf se manier van praat. Hy maak van alles 'n grap. Maar Paul hoor hom skaars. Sy gedagtes was by die verlede, by laas Kersfees en vóór dit. Dolf slaan hom op die skouer.

„Ek sê, ou broer, ek het niks bedoel nie, hoor.”

„Dis niks, dis niks,” stamel hy, en as Dolf verslae na hom kyk, glimlag hy verskonend. „Ek droom sommer weer. Jy ken my mos.”

En daarmee is Dolf skynbaar ook tevrede gestel.

„Kos op die tafel,” klink Elsie se stem in die deur.

„Komaan, mense, ek kan dit nie warm hou nie.”

Dit bring lewe in die andersins dooie atmosfeer. Dolf is die eerste by die tafel. Paul laat die kruk oor die stoel-leuning hang en gaan moeisaam sit. Wanneer hy alleen is, doen hy dit alles onbewus, maar die nuuskierige oë van die aanwesiges verlam sy enigste gesonde been. Hy glimlag verskoning na Oupa wat hom met diep, ondeurgrondelike oë aankyk.

„So ja, nou sit ons almal,” sê Elsie verlig. „Komaan, mense, help julleself; ek kan dit nie doen nie.”

„Niks is so geseënd soos 'n Kersmaal nie,” sê Dolf en vryf sy hande genotvol. „Ek stem saam met dominee: dis 'n familiefees.”

„Jou oë is weer groter as jou maag,” skerts Stoffel. „Jy sal anders praat as jy Elsie se kos in het.”

Dolf lag, maar Elsie is nie die minste geraak deur die aanmerking nie. Haar oë volg die skottels eetware soos dit van die een hand na die ander beweeg.

„Moenie jou aan hom steur nie, Els,” troos Anna in haar piepstemmetjie. „Mans is nooit tevrede met hulle vrouens se kookkuns nie.”

Dit duur enkele minute voordat almal geholpe is. Elsie is 'n baaskookster en hoor met bedekte trots hoe Oupa haar prys.

„Oupa bederf haar net met al die lof,” lag Stoffel en trek Elsie liefderyk nader.

„Dit sal haar nie kwaaddoen nie,” meen Oupa. „Dis tyd dat iemand jou vertel watter topvrou jy het.”

„Bravo,” sê Dolf met sy mond vol kos, „ek sekondeer. Elsie is 'n vrou na my warm hart.”

Elsie bloos. „Eet,” sê sy net. „Daar is baie. Anna, nog pampoen?”

„Jy moet vir haar 'n resep gee van 'n hele aandete,” sê Anna met 'n hees stemmetjie.

„Jy moet vir haar 'n resep gee van 'n hele aandete,” lag Dolf, en soen Anna op die wang. „Ons eet elke aand net wors en eiers.”

„Skaam jou Dolf,” betig Stoffel. „Jy verdien Anna nie.”

„Ek is sy ondankbaarheid gewoond,” sug Anna, en glimlag vir Paul. „Net Paul en Oupa waardeer my, nè, Paul?” Hy knik en sy glimlag kinderlik.

„Paul en Oupa is die netste mans wat ek ken,” verklaar sy ernstig, en kyk sydelings, vermakerig na Dolf. „Ek het niks sonde en ergernis met hulle nie.”

Elsie en Stoffel lag.

„Dis jou verdiende loon, Dolf,” meen Stoffel. „Laat dit een van jou nuwejaarsbesluite wees.” Maar Dolf se aandag is geheel en al by die ete. Hy grinnik net.

Die goeie teregwysings bring 'n geheiligde atmosfeer in die vertrek. Paul sit half geboë en eet, luister na Oupa se swaar stem wat in die vertrek dreun. Die ou man vertel verhale uit sy gryse jeug, en die klank van die somber stem roep ou herinnerings in Paul op. Lank gelede . . . drome . . . verwagting . . . geestelike gemeenskap . . . Maar hy ruk sy gedagtes uit die groef. Hy mag nie daaraan dink nie. Ander kan, maar nie hý nie. 'n Mens wat dink aan die dinge wat hy verloor het, is 'n dwaas.

„Paul!”

Dolf skater as Stoffel Paul in die ribbes pomp.

„Wat is die slaap 'n wondersoete ding,” sug hy ver-spot. „Waarom dink jy, Broer?”

Paul voel almal se oë op hom. Vraende, verslae oë.
„Ek was sommer ingedagte,” verduidelik hy lam en voel die hitte na sy gesig opstoot.

„Jy sal nog droom, dan eet ek jou bord voor jou leeg,” dreig Dolf.

„Jy dink net aan kos, Dolf,” betig Elsie. „Paul, gaan jy vir ons 'n toespraak maak?”

„Toespraak?” vra hy verslae en kyk van die een na die ander.

„Jy is die jongste van die mans,” verduidelik Elsie saaklik. „Dis jou plig om iets te sê.”

„Dis vrouelogika en dus onweerlegbaar,” spot Stoffel. „Kom nou, Paul, jy het nie 'n keuse nie. Die Vrouefederasie het besluit.”

'n Glimlag huiwer op Paul se gesig. „Lyk ek nou na een wat 'n toespraak kan maak?” vra hy.

„Ja,” sê Anna lakoniek, en Oupa lag heerlik.

„Daar sit jou turf,” sê hy.

„In die kombuis baljaar die kinders. Hy luister na hulle opgewonde stemme wat die lug klief. Lank gelede... Maar die herinnering ruk hom wreed terug na die werklikheid. Bewend kom hy orent.

Dolf maak verspot keelskoon en staan ook op.

„Meneer, die President,” sê hy na Oupa se kant toe, „laat my toe om die plaaslike leeglêer aan julle voor te stel.”

Almal lag en Paul voel die warmte van hulle geneentheid in hom opstyg.

„Jy praat uit jou beurt,” maak hy beswaar. „Sit, en luister na wat ek te sê het.”

„Bravo,” sê Stoffel, en Anna klap haar hande kinderlik.

Maar die lig in sy siel was slegs vir 'n oomblik. Toe staan hy magteloos, ontredderd en gryp vervaard na iets om sy gedagtes vorm te gee.

„Ek weet werklik nie wat om te sê nie,” stamel hy.

„Kom nou,” sê Dolf, „ter wille van die ou dae.”

„'n Kleinseun van my het altyd iets op die hart,” verklaar Oupa gewigtig. „En hy weet ook hoé om dit te sê. Wat se kafpraatjies is dit dié?”

Daar is iets in Oupa se stem wat hom kalm maak. Hy glimlag na die ou man.

„Ek wil Elsie bedank vir al haar vriendelikheid,” sê hy meteens, en kyk selfbewus voor hom op die tafel.

„Ek sekondeer,” sê Dolf.

Hy sluk. „Sy en Anna is die gaafste skoonsusters wat ek ken.”

„Hoor julle,” sê Oupa trots, „Paul aard na my. Hy weet wanneer hy 'n goeie vrou sien.

„Hokaai,” kom dit van Stoffel, tot vermaak van almal. „Wat van my?”

„Jy het 'n bril nodig, anders is jy blind,” spot Elsie en soen hom.

Paul gaan sonder meer sit, en as iemand 'n langer toespraak verwag het, laat hy dit nie merk nie. Almal klap hande en Anna en Elsie soen hom.

Hulle aanvaar my, dink hy verwonderd, asof hy dit vir die eerste keer besef. Hulle aanvaar my soos ek is. Waarom kan ek myself dan nie aanvaar nie? Waarom nie?

Die middag se gang is traag. Oupa het gaan dut en Stoffel en Dolf sit lui in tydskrifte en blaai. Die kinders het na die fees in die kombuis, die skaduwees gaan opsoek.

Daar was iets weemoedigs in die atmosfeer. Die vaalblou van die hemel was vreemd troosteloos soos die winter. Paul het die hele middag op die stoep gesit, uitgestrek in die leunstoel wat Elsie moederlik vir hom reggesit het. Tweemaal het Dolf en Stoffel probeer kaartspel, en dan het hy die bewegings van hulle hande probeer volg. Maar meestal het hy geluister na die eentonige dreuning van Anna en Elsie se stemme. Hulle het oor Kersfees van verlede jaar gepraat, verlede Kersfees toe almal gelukkig was. Ook hy! Was hy? Kan die bittersoet vreugde van sy eerste Kersfees tuis na ses jaar in die sanatorium vreugde wees? Nee, daar was te veel herinnerings, te veel gedagtes wat na die verlede wou soek, te veel voorwerpe wat aansluiting gehad het met die dae wat verby is. In die sanatorium is mens lewend dood. Daar haal jy asem omdat jy gedwing word om dit te doen; jy doen wat die dokter sê, omdat jy willoos is. En jy leer om met jou siel opgeskeep te sit.

„Ek sê, ou broer,” dreun Dolf se stem nader hom, „slaap jy, of is jy wakker?”

Hy kyk verslae op. Daar was iets in sy droomgedagtes wat werklik was, en hierdie werklikheid, waarvan Dolf deel is, is plotseling herinnering.

„Het jy gelees wat die Russe wil doen?” vra Dolf.

„Dit kan hom nie skeel wat die Russe wil doen nie

Die Russe is altyd besig met een of ander iets. Die Amerikaners ook. Dis nie nuus nie.

„Nee,” antwoord hy, „ek het nie geles nie.”

„Die blikskottels wil 'n mens maan toe stuur,” bars Dolf verontwaardig los. „Hulle moet besimpeld wees.”

„Ek wonder wie die eerste man gaan wees,” vra Stoffel lui. „Een ding is seker, dit sal moed kos om te gaan. Wat dink jy Paul?”

„Die onbekende laat mens altyd vrees,” antwoord Paul. „Dis soos môre en oormôre. Ons weet nie wat presies voor die deur staan nie en daarvoor vrees ons dit.”

„Nee, magtag!” maak Dolf beswaar, „dis darem nie dieselfde nie, ou broer.”

„Dis wesenlik dieselfde ding,” sê Paul mymerend. „Die enigste verskil is dat ons dink ons weet wat môre met ons sal gebeur. Ons ken gister en vandag en daarom dink ons môre sal dieselfde wees. Ons verkies om te leef in die illusie van ons droom, omdat ons só alleen gelukkig kan wees.”

„Magtie, Paul,” kom dit bewonderend van Dolf, „jy is vinnig besig om 'n filosoof te word!”

„Dis goed gesê, Paul,” stem Stoffel saam. „Dit beteken dus dat die eerste mens wat maan toe gaan, 'n held moet wees. Volgens jou teorie glo ons slegs in die toekoms omdat ons dit kan baseer op die verlede wat ons ken. Neem die verlede weg en ons sterf 'n lewende dood.”

Paul kyk peinsend voor hom uit. „Die man wat eerste maan toe gaan, sal meer as 'n held moet wees, Stoffel,” sê hy na 'n oomblik van nadenke. „Hy sal geloof moet hê, onwrikbare geloof wat hom kan laat uitstyg bo die hede. Hy sal in staat moet wees om die toekoms vas te gryp soos 'n kind die soom van sy moeder se kleed. Want wat hy ingaan, is nie die tydelike nie; dis die ewige.”

„Wel, dit sal nie ék wees nie,” skater Dolf, en dink dis 'n grap. „Die ou aarde se vastigheid bied baie meer sekuriteit.”

Maar Paul hoor hom nie. Hy kyk op die blou wasigheid van die somerlug. Hoe kan mens aan die toekoms glo as die verlede duister is? Hoe kan môre en oormôre betekenis hê as gister leeg was soos die oë van 'n lyk? En hoe aanvaar jy dit wat winkend wag as jou siel weier om gister te aanvaar? A God, die illusie . . . die illusie van die droom!

Maar hoe word mens se siel gevul as jou illusie stukkend is?

* * * * *

Die aandete is in stilte genuttig. Kersfees is byna verby, en iets van die heimwee van 'n afskeid is in die atmosfeer. Selfs die kinders het na die middag se gewoel, stiller geword, asof hulle peins oor die kalm majesteit van die verbygegane dag.

Toe die donkerte val, het Elsie op die klavier gespeel en die kinders het met helder stemme Kersliedere gesing.

Dit was Oupa se versoek, en die ou man het stil, geboë gesit en luister, asof hy soek na iets agter die gewyde klanke van die musiek. Paul het langs die klavier gesit en gekyk na die harde lyne op die ou gesig van 'n man wat niks meer van die lewe vra nie, as net die klein vreugdes van herinnering. En verwonderd het hy by die venster uitgekyk.

Tienuur kondig Oupa terloops aan dat die dag nie stilstaan nie.

„Dit was wonderlik, Elsie,” sê Anna opreg. „Jy en Stoffel is dierbaar.

„Ons is bly julle het gekom,” skerts Stoffel. „Dis goed om julle lelike gesigte eenmaal per jaar te sien. Net nie meer nie, hoor.”

„Kom, mense,” sê Oupa, „wat se gepratery is dit nou? Julle het die hele dag tyd gehad.”

Niemand praat teë nie. Hulle ken vir Oupa. Almal gaan na die straat waar die motor wag.

Dolf soen sy skoonsuster tot haar verleentheid tweemaal vol op die mond.

„Dis vir die etes,” verklaar hy. „Tot die volgende maal.”

„Moenie so ongeskik wees nie, Dolf,” betig Anna in haar aantreklike hees stemmetjie. „Ag, Elsie, jy weet hy het nie maniere nie. Julle moet nou nuwejaar by ons kom eet, hoor.”

„Bring die kasterolie saam,” skater Dolf.

Maar niemand anders lag nie. Almal weet van Anna se swakheid. Daar is altyd iets met haar etes verkeerd. Sy weet dit, en is gevoelig daaromtrent.

„Ons sal seker kom,” belowe Elsie. „En moenie jou aan Dolf steur nie. Hy praat sommer deur sy nek.”

Oupa staan vierkantig langs die motor.

„Toe-toe, mense, die wêreld staan nie stil nie!”

„Dis nog vroeg, Oupa,” sê Stoffel.

„Al is dit nou ook honderd-en-tien maal,” brul die ou man.

Niemand gee aandag aan sy skynbare haas nie. Oupa se tyd is sy eie, en hy doen weinig van sonop tot sons-
ondergang. Almal weet dit — behalwe Oupa.

Elsie trek vir Paul eenkant toe. „Ek wil jou iets sê,” fluister sy.

Hy hinke-pinke agter haar aan.

„Ek het Rita oorgenooi om haar plate môre oor te bring,” vertel sy. „Haar radiogram is stukkend. Wil jy kom luister?”

Haar stemtoon is saaklik en sonder simpatie, en hy is bly daaroor. Dis soos olie op 'n wond.

„Wie sal almal hier wees?” wil hy weet.

„Net sý en ons. Sy het baie plate van Caruso. Jy sal daarvan hou.”

„Kom dan, mense,” dreun Oupa se stem. „Ek sê net gou iets vir Paul, Oupa.”

„Al is dit nou ook honderd-en-tien maal,” meen Oupa.

„Ek sal kom,” besluit Paul haastig.

„Vieruur dan,” glimlag sy.

Anna is besig om haar rustelose kleuter te besorg. Dolf klop hom speels op die sitvlak. Die kleinman gil van plesier en Dolf stoot hom hoog bo sy skouers uit.

„Ek is groter as oom Paul,” verklaar hy ernstig, en almal lag, selfs Oupa wat al ongeduldig begin word oor die oponthoud. Die kind het die diepblou oë van Anna, en hy herinner Oupa aan sy oorlede vrou.

„Oom Paul, tel my op.”

Paul kyk verslae na die uitgestrekte hande van die kind. Hy weet ek tel hom nooit op nie, dink hy bitter, hy weet ek kan nie. Maar hy stoot die gedagtes op die agtergrond.

„Môre gaan ons twee weer rivier toe,” belowe hy. „Dan maak ons weer bootjies.”

Anna red die situasie deur die motordeur oop te maak. Die kleuter kom uitgelate op die agterste sitplek neer. Almal groet nog vir oulaas.

„Moenie vergeet om te kom nie,” roep Anna onnodig uit die motor.

Die motor vleg tussen die swart huise deur, stil soos 'n eensame soeker. Hulle gaan by 'n huis verby waar 'n partytjie in volle swang is. Op die voorstoep staan 'n man

met 'n Kersfeeshoed skeef op sy kop.

„Heppie, heppie!” skreeu hy.

„Heppie,” skreeu Dolf terug, en skater as die man met albei sy hande waai en sy ewewig verloor.

„Gedra jou, Dolf,” sê Oupa somber. „Dis nie iets om oor te lag nie. Dis 'n tragedie as ons mense te veel drink.”

Oupa hou van sy preek. Dit gee hom waardigheid.

„Dit was darem baie snaaks, Oupa,” giggel Anna. „Ek wonder of hy nog daar lê.”

Dolf trek haar met die een hand nader. „So 'n bek vra jêm,” skater hy.

Maar Oupa lag nie. Kersfees is 'n dag van waardigheid en aanbidding. Die familie kom bymekaar, daar word geëet en gedrink en gesels . . . en die bande word versterk. Dis soos dit hoort. Uitspattigheid is die duiwel se kos.

„Al is dit nou ook honderd-en-tien maal,” verklaar hy gewigtig.

Paul voel Oupa se blik op hom, en kyk selfbewus weg. Hy besef plotseling dat hy die hele aand weinig gesê het. Hy weet altyd wat die ou man dink. Dis of sy siel in sy oë lê. Oupa weet van sy verwelkte ideale . . . van sy drome wat doodgebore word. En Oupa weet van sy getemde bitterheid . . .

„Ek dink die Russe gaan 'n Amerikaner vang en hom maan toe stuur,” sê Dolf skielik, asof die gesprek die hele tyd daaroor was. Anna lag en Dolf soen haar verspot. Maar nóg Oupa nóg Paul lag, en die motor se rustelose dreuning ruis voort in die stilte van die slapende nag.

Hulle huis se donker gestalte staan skielik voor hulle. Paul soek na sy krukke en skuif deur se kant toe.

Die aand is mooi en ontsaglik toe Dolf die deur van die woonhuis oopstoot. Niemand praat nie. Noudat hulle in hulle eie huis is, is die dag wat verby is, soos 'n stukkie onpersoonlike biografie.

„Ek sal gaan koffie maak,” sê Anna met haar hoof teen Dolf se skouer. „Wil Oupa hê?”

„Jy kan vir my kamer toe bring,” sê die ou man. „Maar maak dit sterk.”

„Goed, Pa. En jy Paul?”

Paul kyk na haar. Sy is 'n mooi mens, mooi en kinderlik. Daar is baie in haar wat mens kan waardeer.

„Nie vir my nie,” sê hy en probeer glimlag. „Ek sal maar gaan slaap. Dankie vir alles.”

„Dis niks nie, ou broer,” antwoord Dolf en slaan hom broederlik op die skouers.

Hy bly alleen by Oupa agter. Dolf het die kleinman in die bed gaan sit, en Anna het kombuis toe gegaan om koffie te maak. Die ou man staar afgetrokke voor hom aan sy uitgebrande pyp en suig.

„Ek wil maar gaan lê,” sê Paul op 'n terloopse toon.

„Ja,” smak Oupa se lippe, „dis tyd vir slaap. Môre is nog 'n dag.”

Paul staan besluiteloos. Hy voel hy moet iets sê, maar weet nie wat nie.

„Hoe hou jy van die pyp?” vra Oupa skielik.

„Hy lyk eersteklas,” glimlag hy. „Sommer 'n bielie!”

Oupa haal sy tabaksak uit. „Wil jy stop?”

„Nee, dankie, Oupa, nie nou nie. Ek is nie 'n rokery gewoond nie. Dit sal my laat styfskop.”

„Strooi,” sê Oupa, „toe, stop jong, laat ek sien.”

Hy stop gewillig. „Ek sal môre rook,” belowe hy.

„Hm,” sê Oupa en is alweer ingedagte.

Hy sê na 'n oomblik goeienag en gaan na sy kamer. En toe hy daar kom, is dit of hy skielik in 'n leegte staan, 'n bekende leegte, tegelyk uitnodigend en afskrikwekkend. In die kombuis hoor hy Anna die pompstografie aansteek, en die klink verweg en vreemd. Daar is verslaentheid in hom. Waarom het hy hulle netnou bedank? En daardie toespraak vanmiddag? Waarom het hy uit sy pad gegaan om dankie te sê? Kan dit wees dat hy ontuis voel hier? Hier waar hy opgegroeï het? Hier waar die verlede so breed uitgespan oor sy herinnering lê. Het hy dan nie die reg om hier te wees nie?

Hy skakel nie die lig aan nie. Die flou straatlig wat oor die vensterbank val, rus soos 'n lykskleed voor sy voete. Roerloos staan hy voor die lang spieël en beskou sy lenige profiel, sy stil, wit hande wat willoos langs hom hang. Daar is iets vreemds in die aanskouing van homself. In die weerkaatsing van die spieël kan hy selfs sy ingevalle wange sien, sy hoë voorhoof, sy dowwe, strak inhoudlose oë. Hy vrees homself plotseling, en met ontsetting draai hy weg.

„God,” kreun hy, in 'n oomblik van selfkennis, „God, is dit ék?” Is dít die man wat ag jaar gelede die toekoms

in sy hande wou hou? Is dít die gelukkige dromer-dwaas wat die wind in sy hande wou vang en tem?

Hy hoor 'n geskuiwel voor die deur. Iemand klop. Hy antwoord nie dadelik nie, bly roerloos staan en wag, sonder om te weet waarop.

„Paul.”

Dis Anna. Hy skakel die lig aan en maak die deur oop.

„Ek het amper gedink jy slaap,” sê sy, haar oë groot en verslae.

„Ek staan sommer in die donker en dink,” verduidelik hy.

„Soos 'n spook,” lag sy.

Haar vrolikheid tas hom aan. „Dink spoke ook?” vra hy gemaak-ernstig. Hy besef hoe verpot sy opmerking is, maar hy gee nie om nie. Anna se lag is deel van 'n ou droom, 'n droom waaraan hy deel kan hê.

„Ek het koffie gebring,” sê sy skugter, selfbewus. „Ek het gedink miskien wil jy hê.”

Sy plaas die koffie op die spieëlkas neer. „Dankie, Anna,” sê hy net, en wag dat sy moet gaan. Maar as hy voetstappe in die gang hoor wegsterf, wil hy haar terugroep en smee om te bly. Maar hy bly roerloos staan, sy voete soos lood, sy hande klam en bewend. Eers as haar voetstappe een word met die stilte, skakel hy die lig af.

As hy homself net kon verstaan! As hy kon deurdring tot die wese van sy censaamheid en sy verlange kon verstaan! Hy sou . . . hy sou kon wegbreek van die ou weg en 'n nuwe pad bou. Hy sou . . . God, hy sou kon leef!

Maar dit was altyd net sy bitterheid, sy wrang, gedwonge aanvaarding wat hy kon verstaan. Want berusting, aanvaarding van die hede as deel van die verlede skoon en heerlik was, is nie moontlik nie. Jy onthou, en herinnering is 'n vloek.

En tog, hy onthou omdat dit vrede bring, omdat sý deel was daarvan. En dít, dít was die een herinnering wat hy nie wou afskud nie. Nee, hy wil dit behou. Hy wil dit alles herleef in die genadige illusie dat dit werklikheid is.

Ja, dit was werklikheid, 'n heerlike werklikheid daardie dag. Hulle het daar gestaan, met haar hande in syne, haar begeertes syne, haar oë die spieël van sy siel.

„Ek het jou lief Paul,” het sy gefluister, en die wydheid van die hemel was in haar oë.

„Wat is liefde?” het hy gevra.

„Liefde is die hoogste vrede,” het sy mymerend geantwoord. „Dis die vervulling van ’n tweeledige doel . . . myne en joune. O Paul, verstaan jy, my doel en joune is één!”

Vrede? Nee, liefde is nie vrede nie. Dis onrus, soeke, ontsetting!

Daar was ’n ruising in sy hoof. Hy het na die rooi van haar lippe gekyk, verwonderd en teer. Het sy hom liefgehad omdat hy beminlik was? Nee, hy was selfsugtig, maar sy het hom liefgehad omdat haar liefde hom beminlik wou sien.

God, waar is die grens tussen illusie en werklikheid? En waar staan hy? Waar is sy grens? In watter oord lê die vervulling van die Self?

* * * * *

Hy was nie bitter toe die dokter hom eendag vertel dat hy tering onder lede het nie. Almal word een of ander tyd siek en almal word gesond . . . meeste in elk geval. Maar die lang, inhoudlose dae en nagte in die sanatorium het diep in sy siel gesny, totdat hy later maar half bewus was van die lewenstroom. Die dokters het hulle hoofde agter sy rug geskud en hy het die boodskap gelees: Malan is klaar . . . foeitog, dat so ’n groot man sonder krag moet wees, en platgetrek moes word deur ’n teringkwaal . . .

En die nagloed van die een jaar het met die volgende een inengevloei . . . eindeloos, met ontsettende reëlmaat, totdat die polsing daarvan kranksinnige refreine was. Ewig voort . . . tik . . . tik . . . tik . . . eindeloos . . . tik . . . tik . . . tik . . .

Toe hy uitkom, was hy gesond. Maar wees versigtig, het hulle gesê, die kwaal kan terugkeer. En toe hy buite staan in die warm, helende son, het sy hart geswel, totdat sy bors wou bars. Die lewe was daar, die vriendelike, winkende lewe!

Maar sý was nie daar nie. Vreemd genoeg, dit het nie bitterheid gebring nie. Sy het reeds herinnering geword, ’n bleek foto aan ’n muur. Mens voel nie bitter oor ’n foto wat bleek geword het nie.

Die nuwe lewe was ’n uitdaging, en met albei hande het hy daarna gegryp. Soggens het hy vroeg opgestaan en liggaamsoefeninge gedoen. Spier vir spier het hy opge-

bou totdat dit oor sy liggaam rol. Hy het elke dag voor die spieël gaan staan en gesien hoe sy spiere ruk met elke beweging van sy liggaam, totdat hy duiselig is. Maar dit was die duiseling van oorwinningsvreugde! Hy, die man wat ander beskryf het as „klaar”, hy het oorwin!

* * * * *

Jy is 'n mens. Jy mag nie teen die lewe opstaan nie. Want jy is jy en God is God. Selfs wanneer jy jou been in 'n ongeluk verloor, 'n ongeluk waaraan jy geen skuld het nie, moet jy swyg. Jy moet jou hande in aanbidding vou en sê: „U wil geskied, Hemelse Vader . . . ek berus.”

Ja, hy hét berus, maar nie omdat hy wou nie. Hy móés. Daar was nie 'n keuse nie. Mens kan niks verander nie. Wat is, is! In sy siel het 'n vloek gelê en smeul.

Dis vreemd dat al hierdie bitterheid vanaand na hom moet terugkeer. Want daardie bitterheid het lankal verbygegaan, en hom gelaat met 'n onversadigbare hunkering na . . . wat? Na gemeenskap? Na liefde?

„Die liefde is die vervulling van 'n tweeledige droom. Twee mense . . . twee siele. Een siel is eensaam . . . twee siele is 'n goddelike eenheid . . .

* * * * *

Dis stil in die huis. Buite is die nag met sy donker koepel, sy sterre en sy maan. Hy skuif die venster op, en die koel naglug vee teer oor sy gesig.

„Dieselfde as gisteraand,” dink hy plotseling met 'n vreemde gewaarwording. „Dit lyk soos gister en eergister. Dit kan nie verander nie. Dis vasgevang in 'n ewige sirkel. Wat wás, is vandag, en dit sal weer wees!

Hy kyk na die sterre wat deur die boomtakke loer.

Die natuur is onveranderlik, slaan dit deur sy brandende gedagte. En God . . . ja, God is onveranderlik. Wat ewig is, kan nie verander nie.

En ék dan, vlam die gedagte, is ek ook onveranderlik? Is al die roeringe van my bestaan ook vasgevang in hierdie nimmereindigende wending? Moet ook ék ewig voort?

Daar is 'n hyging in sy siel. Die waarheid is plotseling oorweldigend.

„God,” fluister hy, „is ook ék . . . ook my mislukte lewe deel van hierdie groot roering?”

Sy gesig gloei, en 'n angs oorval hom. Maar dis die angs van erkenning . . . die angs van kennis.

„Die Sirkel is óns,” mymer sy siel. „Die Sirkel moet die ganse lewe omsluit . . . alles . . . pyn en vreugde . . . lyding en geluk . . . vervulling en ontnugtering. En steeds, ja steeds moet dit terugkeer na die Middelpunt: God!

Hy staan vasgenaël. Die sekondes tik verby en word minute.

„God,” fluister hy, „het ek myself deur lyding gevind? Het ek deur pyn en ontnugtering die Ewige omsluit en gemeenskap met U deelagtig geword? En is ek nou eers 'n waardige deel van U?”

Met deinende bors skakel hy die lig aan. Hy kyk na sy lang, smal figuur in die spieël. En plotseling, terwyl hy in sy eie oë kyk, is daar 'n magtige vrede in hom.

„Ek het nog nie verloor nie,” prewel hy oorweldig. „Ek kan weer begin . . . ek kan weer begin!”

Hy kyk rond in die slaapkamer asof hy dit vir die eerste keer sien. Hy sien die ou meubels wat hy reeds as kind geken het, die oorbekende natuurtonele teen die muur. En dan . . . die koppie koffie wat Anna vir hom gebring het.

„Dis koud,” sê hy hardop. „Liewe Anna, jy dink altyd aan my.”

Hy hinke-pinke na die deur en maak dit oop. Die lig in die gang brand nog en hy hoor Anna in die kombuis.

„Anna!” roep hy sag.

Sy is reeds in haar kamerjapon en lyk verskrik toe sy uit die kombuis te voorskyn kom.

„Jy is nog altyd op,” sê sy onnodig. „Voel jy sleg?”

„Ek het skoon vergeet om die koffie te drink,” sê hy asemloos. „Kan jy dit glo, ek het die hele tyd gesit en droom.”

„Ek glo jou,” skerts sy; „ek weet jy is 'n dromer. Jy hoort in die bed, as jy my vra. Weet jy hoe laat is dit? Twaalfuur. Wil jy koffie hê, luitaard?”

„Is daar nog?”

„Ek dink so. As Oupa nie alles uitgedrink het nie. Jy weet mos watter koffiepens hy het.”

Hy lag. „Jy gee nie om as ek 'n laspos is nie?”

„Mens raak aan alles gewoond,” spot sy. „Wag, ek gaan gou kyk.”

„Anna.”

Sy draai verbaas om. Die klank in sy stem was vreemd emosioneel.

„Wat is dit, Paul?”

„Anna, ek gaan môre begin skryf. Ek het 'n goeie idee vir 'n roman.”

Sy antwoord nie, maar haar oë lag bly en toegeneë.

„En Anna,” fluister hy asof hy haar 'n geheim vertel.

„Het ek jou vertel, Elsie het my oorgenooi om môre oor te kom. Rita sal ook daar wees. Ons gaan plate speel . . .”

VINCENT VAN DER WESTHUIZEN :

Reën in Pretoria

*Die reën is 'n mistige hartseer
wat sleep oor die grou monument
en die druppels, miljoene gedigte
sonder woorde, maar almal bekend.*

*Die druppels is vlugtig en dartel
soos gedagtes en drome en drange
met 'n soet ou verdriet in hul deun —
daar's geen woorde vir reën of verlange.*

*Kroes gestaltes wat beur teen die vlac
oor glimmende asfalt en waar,
allendig, omraam deur die grys lig,
net hul eie weerkaatsing gewaar*

*Daar is druppels wat klop teen my venster
Die res steek verby sonder groet
en dam op die leiswart plaveisel
aan die stroewe rooi baksteen se voet.*

*En ek sien deur die sluiergordyne
'n geliefde profiel na my kom
soos weleer in die land van geel sonskyn
met die rante se purper alom.*

*Ek sien deur die stomende buie
'n geliefde gestalte alleen,
maar die mis vou haar weg in sy arms,
en daar bly net die reën. Net die reën.*

J. C. P. MEIJ :

Doopvont

*Hy kies die straat
met die eenkant die hoë geboue.
'n Moses van ouds voel hy
wat die Israëliete deur stormwaters lei.
Hoog aan die geboue
hang die neonligte
— hoog, eenkant —
en al die vensters toe.
Klein swart miertjies teen blanke geboue
string die werkers hoër, op, op
en proe op die middaguur toebroodjies.
Sy tred is ferm en vas.
Hy tree op 'n hardgerolde teerpad.*

*By die visdam, kniediep in die water
doop 'n prediker verlorse visse
en skree!
dat hy sy rug draai
en weerkaatsings sien in die grou winkelvenster:
klein geboue, eenvoudig, duursaam, sterk
en teen die mure
sinkplate vas met toue;
die vensters wawyd oop;
ronde oë glinster bedroë,
wild, en met wraak ingehoue;
agter die geboue, kleiner-wordende,
'n nagmerrie van rye, rye,
rye, rye
Verdomp.*

*Die prediker se suigskoene
spuit strepe water,
soos hy slinger van die geboue tot die geboue.
Terug tree hy met sy oë op die prediker
tot sy voet gly en
dis visdam sluk.
Dan skuif die geboue, geboue
die straat word 'n modderbad van trappende pote;
blankwit geboue skuiwe self nader
en val die straat se anderkant plat
in jubelende note
en kerm.
Die rye en rye klein geboue
paddastoel onder die blankwit geboue.*

Opvoeding en Vryheid

Eerstens sal dit ons taak wees om te bepaal wat opvoeding wesentlik is: Ons kan begin deur te sê dat opvoeding in die enger en besondere sin, (teenoor die breër en meer algemene sin wat ons vorming noem) as sosiale verskynsel 'n omgang tussen mense veronderstel en wel tussen 'n volwassene as opvoeder en 'n volwassewordende ('n kind) as opvoedeling. Verder sal die omgang oorgaan tot 'n opvoedingsituasie as mens-met-mens verkeer d.i. as 'n korrekte situasie van Ek (as subjek) met Jy (as subjek) ontstaan.

Om dié situasie te bewerkstellig, gaan die inisiatief van die opvoeding uit: hy keur af, keur goed en so meer. Met ander woorde bemoei hom met die opvoeding om aan dié se bestaan 'n behoorlike loop te gee. Hy staan in 'n gesagsverhouding tot die opvoedeling; in 'n situasie wat bewus en gewil is; waarin doelbewus die verandering en wel die verbetering van die opvoedeling beoog word; waarin metodies of stelselmatig en opsetlik te werk gegaan word en waarin die opvoeder wat as intellektuele, sedelike en volwassene verantwoordelik is die verantwoordelikheid aanvaar vir die verandering (ten goede) wat hy in die opvoedeling teweeg bring, wil bring of gebring het.

So spreek die opvoeder die opvoedeling as 't ware aan, maar om die opvoedingsituasie te laat slaag, moet die opvoedeling van sy kant positief daarop antwoord. Dit gebeur as gevolg van die hulpbehoewende en hulpsoekende eienskappe wat die kind eie is. Daar is dus 'n behoefte by die kind om te reageer op die bemoeienis van die opvoeder: Hy aanvaar sekere dinge wat aan hom oörgedra word, maak dit sy eiendom — vind dus die leiding wat hy soek om anders en wel beter te word en om te voldoen aan die eise wat die behoorlike van hom verwag.

So gesien is opvoeding dus 'n bewuste, doelbewuste, planmatige, opsetlike en verantwoordelike bemoeienis met en hulpverlening aan 'n hulpbehoewende en hulpsoekende onvolwassene deur 'n volwassene met die doel om eersgenoemde se natuurlike groei so te wysig dat sy bestaan

'n behoorlike loop sal neem; dat hy volwasse sal word en bekwaam wees vir die selfstandige vervulling van sy lewenstaak in ooreenstemming met die eise van die behoorlike.

Tweedens die wesentlike betekenis van Vryheid: Die dier en die mens bestaan albei in die natuur, maar daar is duidelike verskille tussen genoemde twee: Eerstens, die dier handel instinktief en refleksief op prikkels uit sy omgewing, terwyl die mens bewustelik handel.

Hierdie verskil lei dan tot 'n ander nl. die feit dat die mens, anders as die dier, nie een is met en gebonde is aan sy omgewing nie, maar die mens besit die moontlikheid om hom los te maak van sy omgewing, daarbo uit te styg, daarop in te gryp en dit te her- of vervorm. Hy lê hom nie neer by sy natuursyn nie. Deur sy bewuswording as mens, sê hy *nee* teenoor die natuur, *maak* hy iets van sy lewe.

Hierdie ingryp impliseer dat die mens ook doelbewus, planmatig, stelselmatig sy omgewing na hom kan skik. Dit veronderstel dat hy verantwoordelikheid vir sy ingryp — sy dade — *kan* en *moet* aanvaar.

Daarom kan ons sê die dier is *nie* vry nie, maar die mens wel en dit lê verwortel in die nié-meganiese aanvaarding van prikkels van buite af; in die krities-staan daarteenor en in die aanvaarding of verwerping daarvan. Om vry te wees, is om te kan kies (reg of verkeerd); om te kan antwoord (positief of negatief).

Omdat die opvoeding, soos reeds aangetoon, altyd 'n tweërlei werksaamheid is — enersyds die opvoerder wat van buite-af geestesvoedsel aanbied; tradisies, soos belangzaam in die opgehoopte kultuurskatte van die mensdom deur die eeue, oordra en andersyds die aktiwiteit van die opvoeding wat terwille van sy eie ontwikkeling die voedsel ontvang, inneem en verteer; die tradisionele kultuurskatte krities toe-eien en aanvaar — sal opvoeding wesentlik alleen moontlik wees as die mens vry is. Soos dr. J. J. Degenaar dit stel in Standpunte Nuwe Reeks nr. 26: „'n Mens kan nie tot homself kom sonder die tradisie nie, net so min as wat hy homself kan vind deur middel van die tradisie. Die mens is immers homself én die menslike ras”. Om nie in óf individualisme óf determinisme te verval nie „is die juiste balans die taak wat in elke nuwe situasie aan die mens opgedra is”.

Vryheid is nie slegs die mens se aangebore moontlikheid nie, maar ook een van sy basiese behoeftes. Hy het vryheid nodig. Vryheid van die gees om die waarheid te kan soek waar dit ook al te vind mag wees en vryheid van liggaam om die lewe te kan lewe soos dit 'n mens betaam.

Dit is dus duidelik dat as jy sy vryheid vernietig, dan vernietig jy sy moontlikheid en behoefte tot opvoeding. Maar ook die noodsaaklikheid daarvoor, want is die uiteindelijke doel van die volwasse opvoeder nie om die opvoeding te lei tot volwassenheid nie?

En dit impliseer reg en selfstandig kies — kies in ooreenstemming met die eise van die behoorlike as die uitdagings van die lewe kom: Kies tussen selfbeheersing en onbeheersdheid; gehoorsaamheid aan gesag of opstand daarteen; liefde en haat; vir God of teen God („Hierdie keuse(s) kan hy aan niemand anders en aan geen kerklike instansie of tradisie oorlaat nie”. J. J. Degenaar: a.w. nr. 8) . . . antwoord in gehoorsaamheid aan die woord van God wat Liefde is en soos geopenbaar in Jesus Christus. Daarin vind die volwasse mens sy ware vryheid.

As die mens dus nie vry was nie, sou opvoeding nie moontlik en ook nie noodsaaklik gewees het nie.

Bronne geraadpleeg:

Gunter, C. F.: Die Unie: 1 Jan. 1959 en 1 Julie 1959.

Hoogveld: Keur uit de Werken.

Langeveld, M. J.: Beknopte Theoretiese Paedagogiek.

Oberholzer, C. K.: Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde.

Van Petten-Hendersons: Introduction to Philosophy of Education.

*Wat help 'n radiogram
en 'n diskoteek,
en hierdie dooie biblioteek,
as ek alleen
verjaarsdagkersies uit moet blaas.*

*Elke dag eet ek alleen vleispasteitjies
en 'n bietjie slaai;
en saans drink ek twee glasies
melk;
die yskas en die stoof
staan albei stil en doof.*

*Die Kerk hier buite op die hoek
word Sondag-aande goed besoek,
maar nogtans bly ek steeds op hol
want ek kom nie vol.*

*Wat help die enkelbed
daar teen die muur,
as ek alleen daarin
moet rol en skuur.*

*Dalk sal God vannag
my kluisenaarskap verpag,
en uit dele van my lyf
uut my verlanges kyf.*

SLUIPMOORD

*Ek sien die booswig teen die lang gras
buk en sluip;
die rooibok waar hy onrustig snuif
en by die suioplek
haastig sluk en suip:
'n stofwolk waar hy klaend snik oor pyn,
voordat sy lewe swik.*

*Maar dan sien ek 'n ander dood,
waar 'n mes skielik half-lem
in die hart instoot,
terwyl swart hande gulsig
oor die slap lyf ruk en gryp,
asof die rafeltou
reeds die laaste lewe uit hul strotte
wurg en knyp.*

BYWONERS

*Hul staan met takhaarkoppe bymekaar,
soos maer beeste rugkant teen die wind geskaar,
en kla aaneen in vlak gesprekke oor die honger
van hul vlees, reeds tot 'n ingebore pyn gekneus.
En wys met 'n pieperige stem,
die voorbrand van 'n lang gesang,
mekaar die eelte op 'n maer en growwe hand;
trek skewe lippe oop, vertoon
'n halwe haasbekmond;
wens hardop dat hul vlees
wil een word met hul gees.
Maar as hul jou gewaar dan kug hul net,
'n raps te dun en maer, skarrel oor die straat,
kompleet asof hul skuldig is aan iets soos hoogverraad.*

LANKMOEDIGHEID

*U het nog altyd woord gehou
met my,
O, Heer;
sedert ek deur bergland
en deur vlei
die tollenaarsgebed kon bid.*

*En U het my skof taai en hard
laat brei
deur jukke,
wat my moes skaaf en na U patroon
moes sny;
want U het lank reeds my asiel
vergun,
al is ek nog steeds onstabiel
en dun.*

PREWELGEBED VAN DIE BYWONER

*Here, God!
As U nog deur my boggelsiel
my kan aanskou;
Ontwaak in my die liefde
vir die aarde weer;
dat ek in mielielande,
en uit die Krib,
weer
'n stille vreugde kan pluk.*

Germanicus en Shakespeare

Die opvattinge van Aristoteles is baie lank as evangelie vir die bepaling van die tragiese aanvaar: dat die tragedie naamlik die nabootsing is van 'n handeling „complete, and whole, and of a certain magnitude”, waarin die held, van hoë aansien, maar ook 'n mens soos ander mense, 'n staatverandering, *peripeteia*, ondergaan as gevolg van 'n bepaalde *hamartia*, in sy persoonlikheidsamestelling. Deur die ondergang van 'n man wat hom in hubris kan teen gode of lot, totdat hy eindelijk tot *agnitio*, herkennis, kom, word dan 'n katharsis op die toeskouer bewerk, deur die „tragiese emosies” van vrees en meelye. Reeds vir die tragedies van sy eie tyd kon die opvattinge van Aristoteles, hoe onteenseglik waardevol ook al, nie 'n afdoende „patroon” of „antwoord” bied nie: hoe sou, om maar één te noem, die *Vroue van Troje* hierdeur „verklaar” kon word — of dan ook die *Medae* of die *Oresteia*?

Dit is bekend dat Longinus met die *De sublimate* die nadruk meer op die grootste en „sublieme” laat val het; 'n benadering wat egter te vaag is om goedsikks te aanvaar — ofskoon ook hierin onteenseglik waardevolle aspekte aan die lig kom.

Hegel het die antwoord probeer vind in die onhoudbaarheid van twee teenstellende maar ewe onontkombare eise aan die held, waardeur hy ten ondergaan. Ook dit kan nie volledig bevredig nie, selfs nie wanneer in aanmerking geneem word dat die Hegeliaanse opvatting darem veel meer om die lyf het as wat ek hierbo daarvan vermeld het nie.

Die belangrikste probleem by enige interpretasie van die tragiese lê by die besondere verhouding tussen skuld en noodlot. Dit is 'n verhouding wat nie uit een van die bostaande benaderinge volledig verantwoord kan word nie. Op een — reële — vlak beskou, is Oidipus die slagoffer van die noodlot: kan hy werklik die blaam vir sy onwetendheid dra? Het hy dan nie in belang van volk en land opgetree nie? Of in 'n ander tragedie: het Orestes dan waarlik skuld aan die sonde van die vadere? Het

Lear sy ontsettende straf verdien? Selfs as toegegee word dat hy onwys gehandel het met die verdeling van sy koninkryk en die wegwysing van Cordelia, staan sy skuld maar in powere verhouding teenoor die matelose straf wat hy moes verduur. Insgelyks: het Romeo skuld aan sý einde? En het Germanicus skuld daaraan dat hy wat die hoë en suiwere en heldere begeer self aan die kwade ten onder gaan? Hierdie vrae is belangrik, omdat geen katharsis geskep kan word waar daar die skyn van onregverdigheid bestaan nie: dit sou afgryse verwek, nie versoening nie.

Andersyds is daar Macbeth, die „fiend-like butcher”, aartstiran, moordenaar — soos Richard III: dat hulle skuld aan hul ondergang het, is meer as duidelik; maar hoe kan dit verklaar word dat die toeskouer by hulle dood nie triomfantlik die einde van 'n „skurk” aanskou nie maar intens meeleeft met die einde van 'n held? Hoe sou die onredelike, afgrysewekkende moord van Desdemona tog tot meelye met Othello kon lei as dit nie was dat die tragiese méér vra as net skuld nie?

Sonder skuld kan daar geen tragedie wees nie, soos John S. Smart, naas sovele ander, al aangedui het: „To make tragedy possible the strain on the reader's feelings should be diminished by the reflection that the misery portrayed is not entirely undeserved” (Tragedy: in *Essays and studies by members of the English Association* deel VIII, Oxford, 1922, bl. 14). Maar as die held bydra tot sy uiteindelijke val, is hy nog nie noodwendig *moreel* skuldig nie; juis dan sou die straf van Lear, ook Hamlet, ook Germanicus buite verhouding wees met die „sonde” of „gebrek” of „oordeelsfout”. Dat Walter Raleigh in sy *Shakespeare* juis die Shakespeareaanse opvatting van die tragiese sien in die feit dat „what they (die helde) suffer is out of all proportion to what they do or are”, is 'n té maklike antwoord op die uitdaging wat hierdie probleem bied.

Die tragiese skuld is dan buite-sedelik: die „onpersoonlike schuld der menschheid”, soos J. D. Bierens de Haan dit noem in sy mooi studie oor *Het tragische* (Leiden, 1937, bl. 100). Dit is metafisiese skuld. De Haan voer egter 'n bietjie intellektuele gimnastiek uit as hy by die tragiek van skuld die held se persoonlike bydrae probeer omskryf. P. du P. Grobler vertolk hierdie skuld weer

veral as „hubris” (*Vormprobleme van die versdrama*), ’n benadering wat heelwat probleme oplos, maar nog nie by die kern van die saak kom nie.

A. C. Bradley, ná ’n halwe eeu nog feitlik ongeëwenaar in die interpretasie van Shakespeare, bied ’n briljante uiteensetting van die rol van die noodlot in samehang met skuld by die held. Hy aanvaar dat die lot „relentless and immovable” is (*Shakespearian tragedy*, London, 1956, bl. 27); dat die lot uit alle moontlike situasies juis die één voorsien waardeur die held tot val kán kom; maar hy ontken enige werklike blindheid en wispelturigheid by die lot; ontken bowenal ook dat die lot *vyandig* staan teenoor die held en iets aan hom probeer *wreek*. Die lot is ’n kosmiese mag, ’n bepaalde orde waarin die Bose integraal verweef is; wanneer ’n held dan „sondig”, is dit ook die orde sêlf wat vals raak in sy manifesteringe; dit eis reaksie, „the expulsion of evil”: maar „there is no tragedy in its expulsion of evil: the tragedy is that this involves the waste of good” (bl. 37).

Veral in *Germanicus* sou hierdie „waste of good” besonder goed aangetoon kan word. Dit het ook die voordeel dat dit die „oorwinning” van die held aan die einde besonder goed verklaar; hieroor later meer. Hierdie interpretasie laat egter nie ruimte vir die klassieke wraaktragedies nie en dit onderskat die persoonlike bydrae van die held tot sy eie ondergang. Ondanks Bradley se briljante betoog móét poetiese geregtigheid geskied om ’n katharsis te bewerkstellig.

Haas elke benadering wat reeds hier aangeraak is, naas talle ander, bevat kerne van die waarheid, maar nie een is in sy geheel toepasbaar op die *tragedie* as literêre kunswerk nie. Smart probeer die probleem omseil deur drie „soorte” tragedies te beskryf; De Haan besluit gerieflik dat Shakespeare in die volle sin van die woord nooit tragikus was nie.

Dit het egter tyd geword dat ’n nuwe benadering getoets word wat ruimte sal laat vir vele nuanses, terwyl dit ook dié werke sal uitweer wat wesenlik nié by die tragedie tuishoort nie.

2

In die besondere studie, *The Elizabethan world picture* (Londen, 1952), gaan prof. E. M. W. Tillyard die aard van

die Elizabethaanse metafisika na en vind dan daarin nog die tipies Middeleeuse uitgangspunt van 'n geordende kosmiese geheel gerangskik volgens 'n vaste stelsel van hiërargieë. In die letterkunde vind Tillyard die neerslag hiervan veral in drie vorme:

(i) die beskouing van die kosmos as ketting met aaneenskakeling van een stand aan die volgende, hiërargies verbind, en met 'n prismaat in elke stand (die dolfyn onder die visse, arend onder die voëls, koning onder die mense, vuur onder die elemente ens. ens.); hy onderskei vyf skakels: engele en eter; sterre en lot (Fortune); die elemente; die mens — met dié unieke funksie dat hy die ganse skepping mikrokosmies in hom vergestalt en die kloof tussen gees en vlees oorbrug); en die laer skeppingsvorme;

(ii) daar vind gedurig ooreenstemmende gebeure op alle vlakke plaas; veral tussen makroskosmos (heelal) en staat, tussen makroskosmos en mikroskosmos (mens), en tussen staat en mikroskosmos is daar gedurig parallele aan te toon;

(iii) die universum is gekonsipieer in terme van musiek: 'n gedurige, ritmiese dans waarin alle onderdele meedans as daar nie ontwrigting wil plaasvind nie.

In hierdie kosmiese orde is chaos 'n voortdurende bedreiging, 'n *dinamiese* bedreiging; en nou is dit insiggewend dat De Haan die wese van die Shakespeare-tragedie soek in die te pletter loop van sy helde in hul hewige sieledrif teen die „zedelike wereldorde” (bl. 84); terwyl ook G. Wilson Knight in *The Shakespearian tempest* (Londen, 1940) beweer dat „Disorder' and 'tragedy' are in Shakespeare practically synonymous” (bl. 23). Naas die uitsprake van Dowden en Bradley is daar ook die opvatting van Harold C. Hoddard in sy skerpsinnige, ofskoon soms psigologistiese studie *The meaning of Shakespeare* (Chicago, 1956): die wese van die tragiese is die verduistering van die lig, na die groot voorbeeld van Lucifer.

Al hierdie kritici, ook ander, het die probleem van die konflik chaps-orde aangeraak, maar nie een het so ver gegaan om dit te beskou as juis die sentrale vraagstuk van die tragedie nie. Ek bied dit nou aan, nie as formule nie (want in die letterkunde deug dit net nie), maar as benadering wat, glo ek, die tragiese op al sy vlakke en in al sy manifesteringe kan „pas”.

Die sfeer van die tragiese, die kader waarin die tragiese gebeurtenisse ontwikkel, lê wesenlik in die immer-dinamiese kontrapuntiek van orde en chaos. Maar hierdie kontrapuntiek word geprojekteer op en voltrek aan die persoon van die tragiese held wat midde-in die gebeure staan. Hy ervaar die stryd nie net in sy polêre teenstelling teenoor die magte buite hom nie, maar veral ook as konflik in ele hart. Hy is immers self mikrokosmos, gees en vlees, liggaam en siel: 'n brandpunt van die makrokosmos.

Hierdie held, leier van sy groep (sy dit prins, soos Hamlet of Germanicus; of koning soos Richard II, Richard III, of Lear; generaal soos Othello of Macbeth of Coriolanus — of weer eens Germanicus; of patrisiër soos Brutus; of Timon; of wêreldheerser soos Antony), en opmerklik van weë sy besondere grootsheid en edelheid (want die val van die hoogste boom wek die grootste skrik en meedoë), staan as kreatiewe, ordeskeppende individu in die wêreld wat hom omring. Juis vanweë sy besondere vermoëns word dit aan hóm opgedra om orde te skep uit 'n staat van chaos, of om 'n bepaalde bestaande ordestaat midde-in die omringende en bedreigende chaos te bewaar.

Hierdie opdrag kan op vele maniere tot hom kom. Hamlet word daartoe aangesê deur die gees van sy vermoorde vader; Germanicus deur sy soldate, deur Piso, selfs deur Agrippina; Antony deur die opdrag uit Rome. Die *wyse* is egter nie ter sake nie. Wat belangrik is, is dat die held kragtens sy aard en grootsheid, kragtens die blote feit van sy gesteldheid in 'n bepaalde wêreld, *uitverkore* is tot die taak van ordeskapping. *Hy is gebore tot uitverkorenheid*; hy *word* nie uitverkies nie, maar *is* dit.

Belangrik is ook dat hy bewus is van sy roeping; hieronder sou veel verlore gaan. Macbeth worstel met sy gewete:

„Hee's heere in double trust;
 First, as I am his Kinsman, and his Subject,
 Strong both against the Deed: Then, as his Host,
 Who should against his Murtherer shut the doore,
 Not beare the knife my selfe" (I.vii);
 Hamlet verklaar:
 „I doe not know

Why yet I live to say this thing's to doe,
Sith I have cause, and will, and strength, and means
To doo't" (IV.v);

Germanicus bely:

„Ek weet dat ek tot op die krans gekom het.

Ek weet ek het geen mag om reg te doen
voordat ek alle mag gebeem het" (bl. 55).

Hy erken:

„Die wil het in my stil gaan staan" (bl. 113):
die *vermoë* word hierdeur erken. In die besondere omstan-
dighede, kragtens die besondere gesteldheid van die held,
faal hy net in die opdrag wat sy uitverkorenheid op hom
lê. Dit kan só verduidelik word:

Die held kan op verskillende maniere reageer op die
uitdaging van sy „opdrag". (Ek noem nie eens almal nie:
dit is juis die voordeel van hierdie benadering dat dit
so plooibaar is, ruimte laat vir soveel nuanseringe.) In
die eerste plaas sou die held wel die taak — en daarmee
die verantwoordelikheid, en dus die skuld, as hy sou faal —
op sy skouers kan neem.¹ Hy onderneem dus om wel orde
te stig of te bewaar teen die dinamiese teenkating van
die chaos in. Maar omdat hy die wese van die chaos
verkeerd verstaan, omdat hy die chaos nie ken *as chaos*
nie, daarom handel hy verkeerd en word deur die chaos
self vernietig. So kan Othello alleen die orde in metafisiese,
selfs materiële, sin handhaaf as hy Desdemona vertrou en
bly liefhê; dit is die taak waartoe hy geroep is. Dit sou
beteken dat hy Iago moet teenstaan, wat die verpersoon-
liking is van die Bose, die bedreigende chaos. Maar vir
Othello is sy adjutant „honest Iago"; hy ken hom as
„full of Love, and Honestie": hoe sou hy dan die kwade
kan weerstaan as hy dit nie herken *as chaos* nie?

Die held kan dit ook as taak aanvaar om orde uit die
chaos te skep, maar daarmee versuim. Hamlet wil onmid-
dellik die opdrag van die gees aanvaar:

„Hast, hast me to know it,
That with wings as swift
As meditation, or the thoughts of Love,
May sweepe to my Revenge" (I.v);

1) Emil Staiger sê in *Grundbegriffe der Poetik* (Zürich, 1956): Der
tragische Mensch hat den Mut zur Schuld . . . (p. 189).

omdat hy egter versuim, kry die verteenwoordiger van die chaos, Claudius, die geleentheid om eerste te handel en Hamlet gaan aan die chaos ten onder.

Soos Hamlet weet ook Antony terdeë wat hom te doene staan:

„These strong Egyptian Fetters I must breake,
Or loose my selfe in dotage” (I.ii).

Germanicus toon ooreenkoms met Hamlet en Antony in hierdie belangrike opsig: die reaksie op die uitverkorenheid. Uit die staanspoor is hy gestel teenoor die chaos: nie net as veldheer teenoor die soldate nie, maar as edele Romein in die land van „moeras riet en wit paddatjies”, as lig teenoor duisternis, as absoluut-edele. Al is hy nie ván die wêreld nie, dan is hy ten minste in die wêreld — en die wêreld wat hom omring, is die chaos. Hy kan egter alleen skeppend optree as hy hom rig teen die Caesar-huis in Rome, waar die Bose en die duisternis gefokus is. En hierdie uitverkorenheid wil hy nie gehoorsaam nie: oënskynlik omdat hy hom nie wil besoedel nie (hubris, volgens Grobler se beskouing); maar inderdaad omdat hy die chaos ook mikrokosmies in homself ervaar. Dit moet baie duidelik besef word, en kan deur die hele drama ook baie goed aangedui word. Hoe vroeg al — met die dood van die Sesde soldaat — moet die veldheer nie self erken nie:

„Dié dolheid is aansteeklik; die hond byt,
en ék word dol, wat netnou nog sy baas was
en redelik” (bl. 15);

Agrippina voel dit aan:

„En óm hom, óm hom sak dit toe” (bl. 29);
dit word bevestig deur die feit dat Germanicus glo aan heers deur „sug en nadink” (bl. 41), terwyl die dink self verwant is aan die duistere, dus: die chaos (vgl. die toneel waar die slaaf Clemens optree); teenoor sy volgelinge en die Germane moet hy van homself getuig, ná Thusnelda verskyn het:

„Ek is gevang soos sy” (bl. 46):
ook hý sit in die ratte en trap die meul; en aan Marcus bieg hy:

„Die heilige siekte, Marcus,
die heilige siekte het ons almal beet
wat mens is . . .” (bl. 55).

Dit is belangrik: Germanicus se hoogste strewe is mens-wees — maar mens-wees beteken óók donker-wees:

„'n Mens die moet ook modderig wees
as jy wil mens-wees — óf as jy wil heers . . .” (bl. 109).

Omdat hy in sy hoogste ideaal dus, sy dit onwetend, onsuiver is, kan hy nie skeppend optree teenoor die chaos nie. Die paar voorbeelde hierbo, willekeurig geneem uit die talle wat aangetoon kán word, veral as die progressiewe aard van die werking van die chaos nagegaan wil word, moet vir die doeleindes van hierdie kort artikel maar voldoende wees.

Nou kan dit net nog opgemerk word dat in die oorsaak vir sy inersie Germanicus baie nou aansluit by Antony, wat ooglopend in die chaos rondwaad (Cleopatra is immers verteenwoordiger van die chaos); *maar ook met Hamlet*. Soveel boekdele is al gewy aan die versuim in *Hamlet* sonder om 'n antwoord te vind. Ek wil nie een vir een nagaan en bespreek, desnoods refuteer nie; ek wil alleen aan die hand doen dat by Hamlet, soos by Germanicus en Antony, die wesenlike oorsaak vir die dadeloosheid juis lê in die feit dat die chaos ook in die hoogste van Hamlet ingedring het. Hy is „diseas'd”; maar dis meer as 'n gevolg van die skokkende ontdekking van sy moeder se owerspel, meer as 'n reaksie op die nuus van sy vader se dood en die inligting van die Gees; meer as Elizabethaanse „melancholy”: dit is die indringing van die chaos tot in die beste van sy wese. 'n Mens hoef maar sy alleensprake na te gaan, sy tonele teenoor Ophelia en Gertrude, ook teenoor Polonius, om te besef hoe die beeldspraak gebou is op simbole van siekte, pestilensie, verrotting, kanker, verwording, gif. Beelde is die openbaring van die onderbewuste — en in besondere mate is dit by Shakespeare aanduidend van die held se innerlike gesteldheid. By Hamlet is dit nie minder so nie. Hy het te kampe met die chaos om hom, maar veral met die chaos in hom; dit dryf hom al verder uit die realiteit weg — sodat hy allerlei metodes moet aanwend om hom terug te *ding* in die realiteit: as hy die opdrag van die Gees kry, moet hy dit neerskryf. Hierdie gekke optrede kan alleen verklaar word uit die feit dat hy só uit die realiteit geruk is dat hy enigiets moet doen om hom te oortuig van wat is en wat nie is nie. In hierdie lig is ook die speltoneel te besien. Genoeg hieroor: ek wou

alleen aantoon dat hierdie tweede groep helde, die dadeloses, in heel besondere mate die chaos in eie hart ervaar.

Die held kan egter ook op ander maniere reageer op sy uitverkorenheid-tot-ordeskepping. Brutus gaan ten onder omdat hy self medepligtig is aan die oorhand wat die chaos oor die orde kry. In sy poging om orde skeep, bring hy juis die chaos, en dit omdat hy op 'n verkeerde manier die opdrag wou uitvoer. (Ook wel, natuurlik, omdat hy, soos Othello, nie die chaos op sy aansig herken nie.) Hier is daar enigermate 'n ooreenstemming met Lear wat ook juis orde in sy koninkryk wou bewaar, deur die behoorlike verdeling van sy ryk. Maar hy word daardeur aandadig aan die oorwinning van die chaos, enersyds ook wéér omdat hy Goneril en Regan nie herken as die bose nie. Hy werp 'n bestaande orde omver; of skeep ten minste die geleentheid daartoe — en slegs sy eie ondergang kan dit weer herstel.

Ook die verhaal van Richard III vertoon hiermee ooreenkomst, ofskoon die koning self dikwels bloot pateties aandoen. Deur die tweegeveg tussen Mowbray and Bolingbroke te verhoed, wil hy orde bewaar; deur hulle te verban, skeep hy die moontlikheid vir reaksie, wat noodwendig volg op die konfiskering van Gaunt se besittings. So word ook hý aandadig aan die chaos en gaan ten onder aan die mag wat hy eiehandig in die lewe help bring het. Macbeth nóg Richard blind vir die feit dat hulle die bose komste ook dié eendersheid dat in albei gevalle die held self werktuig van die bose word. Waar Lear, Brutus en ander chaos bring in die waan dat hulle orde skeep, is nóg Macbeth nóg Richard blind vir die feit dat hulle die bose dien. Richard rig hom willens en wetens teen die bestaande orde:

„And therefore, since I cannot prove a Lover . . .
I am determined to prove a Villaine” (I.i).

Macbeth openbaar sy gewetenskwellling al in die groot alleenspraak voor Duncan se moord. In beide gevalle probeer die held 'n *nuwe* orde skeep, maar word later vernietig deur die chaos wat hy in die lewe gehelp het. En omdat hy aan die einde polêr téénoor teen die chaos gestel word in strydende ondergang, wek hy simpatie.

In Shakespeare se ander tragedies kan die orde-chaosmotief as uitgangspunt vir die tragiese ewe goed aangedui word. Romeo moet orde skeep uit die chaos van die Mon-

tague-Capuet-vete; hy het deur die liefde vir Juliet geleentheid daartoe: maar omdat hy die magte van die chaos self gebruik (wapengeweld — soos Germanicus en Brutus) in sy poging om orde te skep, gaan hy ten onder. Die dood van Tybalt is die direkte oorsaak van die ondergang: en Romeo het alle geleentheid gehad om die man hier nié te dood nie. Uiteindelik is die afdwaal van die priester met die boodskap ook geen „toeval” of „noodlot” nie, maar die werking van die chaos, wat hier, soos in die beeldspraak van *Hamlet* en *Germanicus*, as pesteliesensie geopenbaar is en gestalte kry.

Ook Coriolanus probeer op die verkeerde manier orde skep. In hierdie drama, interessant genoeg, is die massa self die openbaring van die chaos; wat Coriolanus in die massa verfoei, is juis die drifte wat hy in sy eie oënskynlik Soartaanse karakter verag: weereens die chaos in eie hart. Maar voorts wend hy hom tot Aufidius, uitwendige verteenwoordiger van die chaos, en wil die destruktiewe magte van die chaos self gebruik om orde te stig. Hieraan moet hy ten onder gaan.

So sondig ook Timon in die veel swakker tragedie *Timon of Athens*, deur die instrumente van die chaos (hier; die sinnevregdes) te gebruik om orde te probeer handhaaf.

4

Dit gebeur gewoonlik nou dat die tragiese held teen die end van die tragedie tog spiritueel triomfeer terwyl hy, hoofsaaklik volgens romanties-Elizabethaanse gebruik, materiëel ten onder gaan en sterf. Hiermee is die ou tema van die sterwende koringkorrel wat herrys weer aangeslaan. En by Shakespeare; ook by *Germanicus*, is dit 'n noodsaaklike gebeure om aan die einde van die tragedie volledige meelye met die held op te wek.

Aan die einde van *Hamlet* sterf die prins, soos hy sy lewe lank begeer het; hy wat „a messenger of death in life” was, keer na die bestaan van die gees waar hy in sy lewe sy enigste bestaansmoontlikheid gevind het ná die ontwrigting van die Deense staat. Inderdaad word selfs die chaos in Denemarke herstel deur die koms van Fortinbras. Die belangrikste is egter dat die mikroskosmos oorvaar na die sfeer van die goddelike.

En *Hamlet*, dit moet onthou word, is die uitloop van 'n lang ontwikkeling by Shakespeare, beginnende reeds by Romeo, en met die eerste groot openbaring in *Richard II*:

„Within the hollow Crownee

That rounds the mortall Temples of a King,

Keepes Death his Court” (III,ii);

vir Richard is die dood inderdaad 'n verlossing uit 'n lewe wat hy nooit kon verstaan of hanteer nie.

Vir Brutus is dit nie anders nie: soos Germanicus kan hy nie dink aan die skande van 'n triomftog na Rome nie; soos Cleopatra is die vernedering as slaaf die grootste ellende denkbaar:

„No Cassius, no:

Thinke not thou Noble Romane,

That ever Brutus will go bound to Rome,

He beares too great a minde” (V.i):

liewer die dood; die aardse bedryf het hom oorweldig; hy het sy houvas op die lewe verloor die dag toe hy na Cassius geluister het.

In die Grieks-klassieke tragedie sou Othello ná die dood van Desdemona kon bly leef soos Oidipus; Shakespeare het egter te veel menslike deernis; en wil volledige meelye verwek met 'n held wat van die hoogste edelheid gedaal het na die status van luistervink en moordenaar. Alleen deur self te sterf en dié aarde te ontvlug, kan hy rus vir sy verskeurde siel vind.

Oor Lear hoef alleen Bradley se pragtige insig onthou te word: dat die ou koning sterf uit louter vreugde omdat hy glo dat Cordelia nog lewe. As die dood ooit 'n genade was, was dit vir dié ou man, uiteindelik van die „wracke of life”, die „wheel of fire” van die lewe verlos. In 'n wêreld waar hy net bo-menslike lyding nog geken het, kon hy nie langer bestaan nie.

In *Antony and Cleopatra* sou die hele handeling in onsmaklikheid on onbenulligheid kon verloop as die dood van die twee groot hooffigure hulle nie verhef het bó die tyd en ruimte nie. Alleen deur die dood kry hulle 'n statuur wat ten volle ontsag en meelye by die toeskouer verwek.

In *Coriolanus* volg die dood van die held op sy eerste waaragtige openbaring van menslikheid: die spaar van Rome; om te bly leef, sou vir hom onmoontlik en ondraaglik wees; hy sou móés terugkeer na sy ou ongenaakbaarheid en trots. Deur sy dood wek hy egter volledige meelye.

Macbeth hoef nouliks vermeld te word. Die moordenaar van weleer het teen die einde lewensmoeg geword, „a-weary of the Sunne”; die toekoms is eindeloos en vol ellende:

„To morrow, and to morrow, and to morrow . . .” (V.iv). Dat hy ook juis strydend moet ondergaan, verhoog die indruk van sy moed en edelheid en dapperheid.

By Shakespeare is die dood 'n uitredding; 'n middel om meelye en versoening, veral, te bewerkstellig; dit is nooit straf nie. In *Germanicus* is dit ook die geval. *Germanicus* se hele lewe was gerig op sterwe; die laaste twee tonele word gewy aan sy dood; hy is volkome lewensvreemd; bestaan in die chaos is totaal ondenkbaar. Alleen deur daaraan te ontkom, deur te sterwe met dié volkome berusting en versoening en menslikheid, kan hy die noodsaaklike versoening by die toeskouer/leser laat ontstaan.

Deur die dood ontkom die held aan die chaos wat die lyding, dikwels so ontsettend, veroorsaak het; die lyding het skrik verwek, hewig aangedoen; die dood bring die versoening, die indruk van bo-kosmiese grootsheid. Materieel is die dood van die held sy ondergang aan die chaos; spiritueel is dit sy grootste oorwinning.

Die slotsom is dan: die „skuld” van die held is nié 'n gebrek of oordeelsfout nie; dit is nie ambisie of jaloesie of inersie nie; en ofskoon dit lei tot oormoedige oprigting, is hubris nie wesenlik die „fout” van die held nie, maar hoogstens simptom. Die „skuld” van die held is sy versuim van die plig wat deur sy geroepenheid tot ordeskepping op hom gelê word. En die lot is geen mag buite hom nie, maar die kosmiese eis tot ordeskepping wat mikrokosmies in die held ingelê is deur die *feit* van sy uitverkorenheid. Dáárom is daar geen sprake van „vergelding” of „straf” nie: die ondergang van die held is die onvermydelike *gevolg*, sonder retributiewe verband, van sy pligsversuim. En sy dood is sy ontkoming uit die wêreld waar hy gefaal het. Die versoening word bewerk deur dié gedagte dat die menslike liggaam ten onder kan gaan, maar dat die menslike gees onvernietigbaar is.

5

Hierdie artikel wou net maar aan die hand van *Germanicus* en Shakespeare die wese van die tragiese ondersoek;

dit beteken allermens dat die ooreenkoms tussen Louw en Shakespeare daar eindig. Eers wanneer die aard van die held, die voorstelling van die bese, die wyse waarop die chaos telkens vergestaltung kry, die beeldspraak, die konstruksie van die drama in groot swiepende bewegings, die rol van vrouekarakters e.d.m. volledig nagegaan is, kan enigsins tot 'n finale besluit geraak word.

Dit sal vir 'n latere geleentheid moet wag.

By die Jongeres

(Hierdie rubriek is ingestel om jonger skrywers, van wie nog geen skeppingswerk gepubliseer is nie, aan te moedig om van hulle beste oorspronklike pogings aan die redaksie voor te lê vir keuring. Voornemende medewerkers moet hulle bydraes duidelik aandui as bedoel vir BY DIE JONGERES. Gedigte, verhale en eenakters word graag vir oorweging ontvang. Die aantal insendings per persoon is nie beperk nie. Vir bydraes wat opgeneem word, word vergoed teen die gewone tarief.)

HENDRIK PRINS :

Beeld

*Ek kap die rooi graniet
daaglik rouer oop
Ek vlek die hartslag van die klip
helder voor my beitel oop.*

*En stadig groei daar uit die klip
die beeld wat ek al meer benin
met waswit hals granaatrooi lip
die kuiltjie van die keel wat warm klop.*

*Toe ek die siel se snaar wou roer
stuit my vingers teen die koue klip
en deur die stywe wimpers van graniet loer
die albasteroë van die dood.*

VOLMAAN

*Bo die wit water van die spruit
blom kopergeel die volle maan
en teen die dowwe ruit
sus die rypstil nag.*

*Die melkweg spat helder
oor die huis
en vier koue sterre
teken hoog en ver 'n kruis.*

*Rond en stil
brand die geel lamp van die maan
is dit ek wat gil
ten die suising van die sterre?*

GRYS DAG

*Daglank staar deur die waasvaal ruit
staar die droewe grysheid in
om telkens teen dié
grou-swart wolk te stuit.*

*'n Lamp brand mistig in die raam
druppels dwarrel in die suidewind
hoe sal ek vir hierdie droefnis 'n naam
'n lied of woorde vind?*

VERLANGE

*Ek weet die dag is goud
Ek weet die roos is rooi die lelie wit
Ek sien die helder troupannd roerloos sit
die reier grys en stil en oud.*

*Ek weet die noordewinde waai
Ek weet die bruingebrande boere ploeg en saai
Ek weet dat die bleshoenders in die riete broei
en die wilde-eende saggies oor die water roei.*

*Maar by my
gly die tyd verby
Ek wil niks meer
en daar is niks wat ek begeer*

*as om net met die aarde een te wees
vas daarteen in 'n kluit in 'n klip,
of soos die vinke oor die graan te glij,
of soos 'n kwartel grys teen die grond te wees.*

ANGS

*Ek is maar klein, o Heer,
en my verdriet is maar min,
ek sing maar my klein liedjies
diep uit my hart, sonder sin.*

*En my vreugdes is ook skraal
en my woorde net 'n dom herhaal
van eenvoudige dinge, van klein ontroering,
alles is vir my so helder Heer, sonder verlange of verwarring*

*Maar dikwels is ek bang
as ek teen die spruit se wal
of saans met skener in die stal
so warm na U verlang.*

BREEKBARE

*Ek moes altyd huiwer
want ek wis
dat die suiwer
slankheid van jou liggaam
bros en breekbaar is
en dat die drif
my bors tot staal
kon span
en ek dan
tot laagtes van 'n skoonheidskender daal.*

SLAMPAMPERLIEDJIE

*Skerp sipresse teen die grysgeel lug
swaels in hul dartel val en vlug.*

*Waarheen waai die wind?
iewers, iewers huil 'n kind.*

ENGEMI FERREIRA :

Vergesig

*Uit die wit
kring dit swart
in my hart
se blinde pit
om die duik
wat opgesluit lê
agter vensters
weggesink.
En dit skryn
deur elke lit
en die pit
van al my pyn.*

P. G. GOUWS :

Dronklap

*Hoe klaag Verdie iewers
oor die Mag van die Noodlot —
Kon ek maar teen 'n wêreldpubliek
my oormaat inhoud uitbraak.
Wát — ek's gebaar
met my moer se alkoholneigings;
die kunstenaarskap het, God weet hóé,
by my eie pa opgestol.*

*Ek drink maar swart, bitter koffie
en praat niks,
troetel my sat hart
en stol so die braakverlange op.*

ONEINDIGHEID

*Dat mag aldeur
bo mag kan troon; dat ek,
al is ek sterk, nog swakker as 'n ander is —
net soos 'n ster,
wat gunter in die donker wrang
kan wonder waarom agter hom
nog sterre hang*

STRAND

*Twee mense baai.
Twee!
'n Man loop kruppel in die
sand.
'n Jong vrou bespiegel,
brei vir haar ongebore
kind,
pienk of blou?
Die kruppel man
het 'n klein swart vierhoek
aan sy mou.
Branders vlek skuimend
oor die wit sand.
Die sand sluk,
die water gryp losgoed.
Netnou smyt
hy die twee baaiers*

langs mekaar
in die koel sand uit.
Van bly verbasing
lag die meisie,
en die man sê: „Ek is So-en-So”.

En teen die aand se kant
loop 'n trotse So-en-So,
hande-vas met haar,
op teen die rotse, waar
die sand nog warm is.
En op dié stil strand,
ná die swanger vrou met
haar wol,
pienk én blou, huis toe is,
hink één mens
wat vol,
versadig is van nog 'n leë dag.

N. SAUER :

Ballade

Die lewe is 'n blinkwit kus
waar een aan droom
en een aan sterwe is.

Ek ken 'n teer verhaal van die strand
wat met jare gespoel het oor die land —

'n skugter greep wat swakker word,
'n nugter grens wat grondwaarts stort

totdat die tyd se towertaal
ontsettend skerp en snydend straal.

Ek ken twee eensaam kinder harte
gevang in 'n eeu se sondes en smarte

want die lewe is 'n blinkwit kus
waar die een aan droom
en die ander aan sterwe is.

Op 'n dag het die son as afskeidsgroet
die maan geverf tot 'n glans van bloed

*en die son en die maan het iets nagejaag
tot by grense genaakloos en in vertes vervaag —*

*daar, in die gloed van sterre en stof
gebots, gebots en saam ontplof*

*die Tye bleik tot 'n bleekwit kus
waar een aan droom
en een aan sterwe is.*

DAAR IS 'N DROOM

*Daar is 'n droom
van stil wolke
oor die aarde.
En alle dink
is stil,
spiralend
na die wolke.*

MUSIEK

*Die ligte reën omvou die nag
met stil geheime,
en plaas op elke blaar
'n kroon van dou.*

MYMERING

*Stilte, stilte oor die wei,
wyd oor see en veld versprei.*

Die dag is dood en lank verby

*Siel wat met die Synde stry,
rus, rus en swyg ook jy.*

HEDWIG KRÜGER :

Die Leeurik

*Klap-klap-tweet die leeurik weer,
keer-op-keer, keer-op-keer,
In sonlig of in donkerbui,
Hoor jy steeds die klap-gelui.*

'n Herontmoeting met 'n Vlaamse Klassiek

Jare gelede het ek as jong seun, aan die begin van my hoërskoolloopbaan, die eerste maal kennis gemaak met *De Leeuw van Vlaanderen* (die eerste keer uitgegee in 1838 deur De Cost te Antwerpen) ¹ en wel in die huis van my oupa aan vaderskant. Aangedryf deur 'n verterende leeslus, het ek in daardie jare vreemder boeke ge lees as dié „Hollandse” werk, maar ek onthou dat dit die afbeelding van die klimmende Vlaamse leeu op die buiteblad en die kleurplate en pentekeninge binne was wat my tot die lees daarvan gelok het ten spyte van die vir my destyds effens moeilike hoewel geensins onbekende taalvorm. En dae lank was dié verhaal my spyse en my drank. Watter uitgawe van Hendrik Conscience (1812-1883) se roman dit was, kan ek nie onthou nie — lesers van daardie leeftyd stel mos nie in sulke dinge belang nie!

Aangespoor deur die eise van wetenskaplike studie het ek na baie jare onlangs weer *De Leeuw van Vlaanderen* ge lees, dié keer met die oë van 'n volwassene, en met 'n veel strenger kritiese sin as toentertyd. Groot was my herkennings- en herontdekkingsvreugde, maar groot ook my onverwagte teleurstelling; nogtans het ek nuwe waardering gekry vir hierdie Vlaamse grootmeester van die historiese roman. Die uitgawe wat ek dié keer ter hand geneem het, dra die stempel van Van Helkema en Warendorf, Amsterdam, maar sonder datum van uitgawe.

Met hierdie historiese roman voer Conscience sy leser terug na die Middeleeue, na die tydperk van leenhere, ridders, edelvroue, gildes: die feodale stelsel en wat daarmee gepaard gaan in die een groot krisistyd in die geskiedenis van Vlaandereland aan die begin van die veertiende eeu: die Guldesporeslag (11 Julie 1302) waarin Robrecht van Bethune, bygenaamd die Leeu van Vlaandere, en Pieter

1) In 1960 publiseer J. P. van der Walt en Seun, Pretoria, 'n vrye en verkorte verwerking in Afrikaans van hierdie roman deur Arsène C. P. Bultinck.

de Coninck en Jan Breydel die hoofrol speel. — Alles gesien deur die oë van die Romantikus Hendrik Conscience.

Soos aangebied in hierdie roman, is dit ongetwyfeld 'n grootse, boeiende en aangrypende verhaal, nie alleen omdat dit met epiese breedvoerigheid en krag vertel word nie, maar veral ten gevolge van Conscience se besondere inkleding van dié feite, die persoonlike, onmiddellike werklikheid wat hy daarvan gemaak het. En dit ten spyte van die feit dat Conscience teen byna elke denkbare aanvaarde reël van die romanskryfkuns (altans volgens die eise wat ons vandag daaraan stel) swaar en menigmaal misdryf het.

Een saak waarvan hierdie skrywer gedurig bewus bly en waarvan hy sy leser ook gedurig, met opset, bewus wil hou, is die feit dat sy verhaal op histories-korrekte feite gebaseer is. Daarom skroom hy nie om telkens sy eie verhaalwerklikheid wat hy so sorgvuldig en breedvoerig opbou, te verbreek deur na voetnote, aanhalings uit ou kronieke en oorkondes, te verwys nie. Graag beroep Conscience hom vir die geloofwaardigheid van sy verhaal op *Die excellente Cronike van Vlaenderen*, maar ook ander ou geskrifte kom telkens aan die orde. Aan die begin van sy verhaal heel dikwels, later minder, skroom die skrywer ook nie om allerlei verklarings van name en sake by wyse van voetnote te gee nie, bv. die volledige beskrywing van 'n ridder se wapenrusting.

As 'n mens Conscience se didaktiese instelling teenoor sy lesers in gedagte hou, kan jy hierdie werkwyse begryp en vergoelik, maar feit bly: dit werk steurende en is vanuit 'n kunstandpunt 'n tegniek wat die struktuur van sy roman nie ten goede strek nie. Nogtans het dié aanhalings uit ou kronieke vir my hierdie voordeel (afgesien van die funksie waarvoor die skrywer dit bestem het) wat seer sekerlik nie in die bedoeling van Conscience gelê het nie: dit het my des te sterker laat besef die verskil tussen die verhaal van die vryheidstryd van Vlaandere soos saaklik en dikwels stug en verbeeldingloos weergegee in die ou geskrifte, en dit wat Conscience, die begaafde omskepper en herbelewer van hierdie dorre geskiedkundige feite, daarvan gemaak het.

Sý verhaal is bewoë, gloedvol, eensydig — alles word groots en heroïes gesien en uitgebeeld. In hierdie opsig

is Conscience 'n tipiese kind van sy tyd: romantikus. In die grootse en kleurryke plastiek van sy skildering lê sy krag (bv. die meevoerende beskrywings van die bloedige gevegte gevoer deur magtige kampers wat epiese afmetings aanneem en herinner aan die verskriklike gevegte in Homeros se *Ilias*) — nie in die indringing in die sielelewe van sy karakters of in die onthullende dialoog nie. Trouens, sy tipering is uiters oppervlakkig, en van karakterontwikkeling is daar geen sprake nie: die karakters word gereduseer tot basiese tipes, en „wat Walsch is, valsch is” en „Leve Vlaanderen den Leeuw!” Hy is in die eerste plek verteller en vertoner; nie ontleder nie. Hierin lê tegelyk sy krag en swakheid as romanskrywer.

In die begin eienaardig, later vermoeiend, is vir die moderne leser van *De Leeuw van Vlaanderen* die swaarwigtige, dikwels hoogs retoriese dialoog. Dit hang natuurlik saam met Conscience se breedvoerige, volledige, soms moeisame, effens argaïstiese en plegstatige styl. Retoriek ja, maar dan besielde retoriek — iets wat in die letterkunde steeds diensbaar bly.

Net soos hy sonder selfbewustheid voetnote en annotasies aanwend, tree Conscience in sy verhaal in en gee toelichting en moralisasies, veral oor volkstrou en landsverraad. In die laaste paar reëls van die boek, na die besluit van sy verhaal, rig die skrywer hom met beswerende woorde direk tot die leser.

Dit alles en nog veel meer, soos die dikwels stereotiep-teatrale aksies en reaksies van die karakters, die rol van die toeval en die lengte en onnodige uitgerektheid van die verhaal, is daar teen Conscience se roman in te bring — en tog is dit geen mislukking nie; net die teendeel is waar.

Spanning, intrige, aksie, voldoende tipering om die persone oortuigend en veral lewend te maak, die skepping van 'n werklikheidsillusie — dié is daar genoeg in *De Leeuw van Vlaanderen*; ook genoeg kleurrykheid en afwisseling om steeds die leser se belangstelling en aandag gevange te hou. Reken hierby die gloedvolheid en aansteeklike, edele vaderlandsliefde en vryheidsin, en 'n mens weet waarom hierdie roman vir jou lesenswaardig bly, waarom jy Conscience hom sy sondes as romanskrywer nie toereken nie, en waarom jy volhou dat hierdie roman 'n boek der boeke is.

Briefwisseling

Barend J. Toerien skryf:

Geagte Redaksie — Moet 'n skrywer hom uitlaat oor die bespreking wat sy werk gekry het, veral as die ontvangs simpatiek was? Dit kan lyk asof mens die vriendelike hand wil byt . . . Tog, bewus van hierdie gevare en wete dat u my as te puntenerig sal kan beskou, ens., wil ek tog reageer op 'n opmerking van u resensent in u Maart-nommer waar hy my vers *Jeug II* 'n „parafrase van gedeeltes uit Van Wyk Louw se *Beeld van 'n jeug* noem. Ek wil naamlik konstateer („for the record”) dat my vers van vòòr 1950 dateer en dat ek

dit in 1951 aan *Standpunte* gestuur het, maar helaas, dit het dieselfde lot van my ander verse getref: dit is nie geplaas nie. Ek dink Van Wyk Louw se vers verskyn in *Nuwe verse*, wat heelwat later hier by my aangeland het.

Met die redigering van my boek was ek bewus van moontlike dergelike kritiek en wou eers elke vers dateer; maar dit het te pretensieus gelyk. Tog is die verse in streng kronologiese orde ge-laat (behalwe dat sekere van die kort verse uit die laaste drie afdelings soms van vroeër is), soos aangedui in die inhoudsopgawe.

Boekbespreking

Marcel R. Breyne: DE DONKERE MELODIE. Uitg. De Bladen voor de Poëzie, Lier (België), 1960. 48 blz.

Nu Breyne na een zwijgen als dichter dat 35 jaar geduurd heeft tot de poëzie teruggekeerd is, lijkt zijn inspiratie rijker dan ooit. „Op *Het Lied der Karavaan*, dat wij een half jaar geleden besproken hebben, is thans *De donkere Melodie* (Liederen en Gezangen uit Afrika) gevolgd. Bevatte zijn vorige bundel hoofdzakelijk herinneringsgedichten aan zijn geboorteland en beschouwende lyriek, de jongste is bedoeld als een hulde aan Afrika over het algemeen en zijn tweede vaderland in het bijzonder. Het blijkt dat Breyne zeer sterk onder de indruk gekomen is van de mysterieuse geslotenheid van het donkere werelddeel, waar ongetwijfeld krachten werkzaam zijn die meer en meer de verdere ontwikkeling van de mensheid zullen helpen bepalen. Nog sterker heeft hij de invloed ondergaan van het natuurbeeld van Zuid-Afrika, van de Tafelberg, het Karooland en de sterrenachten op de hoogvlak-

ten van Oranje-Vrijstaat. Die ontroering heeft hij niet door stemmingspoëzie vertolkt. De gedichten uit *De donkere Melodie* bezitten ook een godsdienstige en wijsgerige inhoud, die weleens te zwaar geweest is om zonder enige gewrongenheid in een gaaf vers te kunnen uitgedrukt worden, maar alles samen genomen lijkt deze poëzie ons beter geslaagd dan die uit zijn vorige bundel. Bij een niet geringer levensvolheid is Breyne's taal- en vormbeheersing overtuigender geworden.

André Demedts

Chris Barnard: BEKENDE ONRUS, J. L. van Schaik, Pretoria 1961, R1.35.

Hierdie debuutbundel van 'n een- en twintigjarige student bevat twee novelles: *Muurspieël* en *Naelstring*, wat hy saam laat verskyn onder 'n aanhaling uit Dirk Opperman:

... uiteindelik moet ek tussen ander weet dat op die aarde elke mens sy boggel het.

Dis dan ook die inhoud van hierdie nuwe vraggie: haat, liefde, selfsug, onseide — die bekende

onrus in die hart van die mens.

Met dat Barnard die bekende mens vir ons bring, is daar tog iets nuuts: hy weet naamlik hoe om spanning te skep in sy verhale d.m.c, dramatiese wendinge wat tog goed gemotiveer is. Juis hierin lê sy openbaring van krag, asook in sy vermoë om die geesteslewe van sy karakters aan ons te toon. Deur 'n oordeelkundige hantering van dié twee bestanddele, skep hy telkens boeiende verhale, wat ons van dié jeugdige skrywer veel skoons laat verwag.

Die vernaamste gebrek van al-twee verhale, maar veral van *Muurspieël*, is dat daar te veel plaasvind in sulke kort novelles. Eintlik het ons hier dan eerder beknopte romans wat plek-plek nie volledig uitgebeeld is nie, met die gevolg dat die karakters erens na die karikatuuragtige neig.

Tog is dit verdienstelike werk, goed bokant die middelmaat. As debuutwerk is dit vol belofte.

Joh. Lohmann

KASPER SE WERELDREIS:
prente deur Marlene Reidel, versies deur W.E.G. en Rosa Louw. (Na 'n verhaal van Marlene Reidel, bekroon met die Deutsche Jugendpreis vir die beste kinderboek 1958), Tafelberg Uitgewers, Kaapstad 1961, R1.50.

'n Mens word soms bekruipt deur 'n begeerte om weer kind te wees sodat jy iets van en vir kinders weer kan beleef soos 'n kind, veral as in jou eie kinderdae 'n bepaalde verskynsel nie beskikbaar is nie.

Hierdie gevoel het my oorval by die lees van die bekoorlike eenvoudige versies onderaan die veelkleurige tekeninge sonder diepte soos uit die wêreld van die kind.

As ek 'n kleuter was van so 4-8 jaar en ek sou so 'n boek as geskenk ontvang, sou dit beloning genoeg wees om weer van vooraf te moet begin!

Joh. Lohmann

BOEKE ONTVANG:

1. Gustav Preller: *Eerstelinge*. Versorg deur D. J. Opperman. Human en Rousseau, Kaapstad 1961, 85s.
2. H. A. Mulder: *Laaste Opstelle*. Versorg deur D. J. Opperman. Human en Rousseau, Kaapstad 1961, 95s.
3. Dagobert D. Runes: *Letters to my teacher*. Philosophical Library Inc., New York 1961.
4. P. J. Philander: *Vuurklip*. Bekroonde digbundel. Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad ens. 1960, R1.50.
5. Georges Simenon: *'n Huis met groen luik*. Uit die Frans vertaal deur Jan Rabie. Human en Rousseau, Kaapstad 1960, R1.50.
6. Transvaalse Provinsiale Administrasie: *Verslag oor die Biblioteekdiens vir die jaar geëindig 31 Desember 1959*. Saamgestel deur die Raad van Advies insake die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens. Staatsdrukker, Pretoria, G.P.-s.376225.

ELATA — MCMLXI

